Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompas

**Jaargang 16 no 3**
Maart 2007

## Tema: Kerk en Kerkverband


- **Die Belydenis oor die Kerk ……..…….. 2**
- **Die ontwikkeling van die (begrip) kerkverband ..... 5**
- **Kerkverband ..... 7**
- Christus - Lig van alle nasies ..... 10
- Die onstaan en ontwikkeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ..... 12
- 'n Geknakte rank aan die wynstok ..... 13
- Op die digitale pad sonder ongelukke .... 15
- Die Heilige Gees en ons toekomsverwagting . 18
- Gelukkig Gereformeerd! ..... 21
- Reaksie op Dominokrasie ..... 23


# MULTIKULTURELE KERKVERBAND

Kerkverband, die federasie van kerke in een land, gee uitdrukking aan een kerklike gemeenskap in die Here Jesus Christus. Skriftuurlike visie op kerkverband gaan daarvan uit dat kerkverband, soos die kerk, 'n saak van belydenis is. Kerkverband is alleen moontlik waar kerke een is in geloof. As 'n kerk vir Christus as fondament bely (1 Kor. 3:11), en 'n ander doen dit ook, is albei een in die geloof in Christus. Kerkverband is nie 'n willekeurige en vryblywende saak nie, maar volg uit 'n skriftuurlike of konfessionele roeping en verpligting.

Daarom sal die kerke erns maak om na buite en na binne met die saak besig te bly. Na buite is daar die kontakte met ander gereformeerde kerke (kerke wat ook wil leef onder die Woord en wat die leiding van Christus wil volg), wat opgevolg behoort te word op gemeentevlak. Na binne behoort die kerke saam te besin hoe die eenheid in organisasie, die kerkorde, hande en voete en 'n hart kan hê. Vergader en leef ons saam na Christus toe, of is ons bloot in dieselfde struktuur teenwoordig? In ons multikulturele situasie van huidige en voorheen sendende- en sendingkerke kan kerkverband niks anders as 'n formele reëling wees nie. Dit kan daarteenoor ook vergeestelik word, sodat almal heel tevrede is met 'n onsigbare eenheid.

Die apostoliese getuienis het reeds in die eerste eeue 'n band gelê tussen kerke en het gemeenskapstigtend gewerk. Deur die apostels se band met die afsonderlike kerke, het die kerke ook 'n band met mekaar gehou. Hulle het daardie band behou, selfs na die dood van die apostels. Om die evangelie, die getuienis van die apostels, te bewaar en te bevorder is kerkstigtend en kerkverbandstigtend.

Dit is belangrik dat op die sendingterrein van die begin af bewustelik gewerk word aan die opbou na kerkverband toe. Dit is belangrik dat, vanuit die klassis, die kerklike saamlewe begelei en gestimuleer word deur visitasie en deur praktiese invulling van kerklike saamlewe aan te moedig. Besluitneming behoort egter uiters versigtig te gebeur, sodat beloftes aan mekaar ook nagekom kan word.

Die vergadering in Jerusalem (Hand. 15) word soms voorgehou as voorbeeld vir meerdere vergaderings. Dit het egter gegaan oor Paulus en Barnabas se prediking aan die heidene: oor die evangelie van vryheid teenoor die gebondenheid aan die wette van die Jode. Moes die gelowiges uit die heidene hulle laat besny? Paulus en die gemeentes deur die uitbreiding van die evangelie het probeer om die *gemeenskap* met die kerk te Jerusalem te behou, waarvandaan die evangelie oor die wêreld uitgegaan het. Die gemeente te Jerusalem wou van hulle kant die *gemeenskap* met die heidene behou.

Maar wanneer sekere van die Jode die heidene verplig om die wette en gebruike te onderhou (Gal. 2:5), is dit 'n aanval op die evangelie en op die regverdiging deur Christus. Daarom die duidelike "nee!" van Paulus teenoor 'n binding buite die evangelie om. Die twee - Jood en heiden - moes een nuwe mensheid wees (Ef. 2:15). Nie Jerusalem op aarde is die moeder van almal nie, maar Jerusalem van bo wat kom deur die prediking van die evangelie waardeur die kerke ver en wyd geplant word en geroep word en verbind word in gemeenskap met mekaar. Dit is lewensbelangrik vir die onderhouding van kerkverband dat daar *saam geluister word na die Skrif.*

Dr Hannes Breytenbach

# Voorwoord by die tema-artikels

*Op 16 September 2006 is daar in Pretoria 'n ampsdraerskonferensie gehou oor "Kerk en Kerkverband". Die konferensie was bedoel vir ampsdraers. Die drie referate wat by die konferensie aangebied is vir bespreking, is gelewer deur ds Kees Kleijn en die brs Roel Stolper en Cees Roose. Die redaksie van Kompas het hierdie broers bereid gevind om hulle referate beskikbaar te stel vir Kompas.*

# DIE BELYDENIS OOR DIE KERK

## - Aantekeninge by Artikels 27-29 NGB

**Ds Kees Kleijn**

*TEMA: KERK EN KERKVERBAND*

### Die Katolieke Kerk as Gawe en Werk van God: Art 27 NGB

Wanneer ons oor kerk en kerkverband praat, is die gevaar aanwesig dat ons ander kerke beoordeel vanuit die eie kerkgemeenskap, wat ons as ware kerk erken. Dan word die norm die eie gemeente of kerkverband, jou eie ervaring daarvan. God se Woord en werk moet die uitgangspunt en norm wees.

Die kerk is 'n geloofsaak, iets wat ons glo op grond van die Woord van God.

Die wesenlike van die kerk is dat die Seun van God die kerk vergader en dat Hy die Koning van die kerk is.

Ons glo nie **in** die kerk nie, maar in Jesus Christus. Die kerk is nie saligmakend nie, maar Christus maak salig.

Art 27 verwys as eerste na Genesis 22:18 waar God vir Abraham sê: "En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word." In Christus, die nageslag van Abraham, gaan God sy seën na al die nasies laat uitgaan. So kry ons die enige algemene Christelike kerk. 'n Werk van God. Gebind aan Christus. 'n Vervulling van God se belofte aan Abraham. Dit moet ons altyd in gedagte hou wanneer ons oor die kerk praat, in verwondering en aanbidding.

Ons glo 'n **enige** kerk. Daar is nie twee of drie kerke nie. Daar is een kerk van Christus. "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt 16:18). Sien verder Johannes 10:16: "dit sal wees een kudde, een herder" en Efesiërs 4:4: "Dit is een liggaam en een Gees ...".

Die kerk se eenheid is 'n eenheid in die ware geloof. Gewerk deur die Gees van God. In antwoord op Christus se hoëpriesterlike gebed van Johannes 17. Die eenheid ontstaan deurdat God mense in sy Naam en in sy waarheid bewaar. Eenheid en waarheid hoort bymekaar. Die kerk is gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is (Ef 2:20). Daarom bely ons ook die Christelike en apostoliese kerk. Dit is 'n eenheid in Christus en in die waarheid.

Die Griekse woord vir kerk, ekklesia, word nie net in die enkelvoud gebruik nie, maar ook in die meervoud. So het ons die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. Die Bybel omskryf nie presies hoe die verhouding tussen die plaaslike gemeentes en die algemene kerk is nie. Die opskrifte van die twee briewe aan die Korintiërs wys daarop dat die plaaslike gemeente wel 'n sterk band het met almal wat die Naam van die Here in elke plek aanroep en met al die heiliges wat in die hele Agaje is. Ons kan sê dat die algemene kerk hom wys in die plaaslike gemeentes. Daardie plaaslike gemeentes is die universele kerk in daardie spesifieke plekke.

Ons bely 'n **katolieke** of algemene kerk. Oorspronklik was dit 'n geografiese aanduiding: oor die hele wêreld versprei, uit alle volke en tale. As jy die katolisiteit van die kerk as uitgangspunt neem, dan sal daar baie blye herkenning wees, in verwondering oor God se werk van bewaring en vergadering in die waarheid. Dit sal ons beskeie maak. Die vraag van Paulus bly dan relevant: "Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?" (1 Kor 14:36).

Hierdie katolisiteit sal ons verhoed om ander kerke aan ons eie kerklike tradisie en praktyke te meet. Daar is verskillende historiese en kulturele agtergronde. Daarom kan ons nie verwag dat die kerke van die verskillende lande en nasies presies dieselfde gaan wees nie. Binne die een kerk wat Christus oor die hele wêreld vergader, is daar 'n gesonde veelvormigheid. Die belangrikste vraag is: sien jy onder hulle die vervulling van God se belofte aan Abraham en die verhoring van Christus se bede?

Ons belydenis oor die kerk begin nie met art 29 oor die kenmerke van

die ware en valse kerk nie. Dit begin met art 27 oor die eenheid en katolisiteit van die kerk. Ons begin met die kerk as gawe en werk van God. Dit kan ons daarvan bewaar om vanuit ons belewing van die ware kerk groot dele van God se kerk te diskwalifiseer. As jy uitgaan van God se ekumeniese belofte aan Abraham, kyk jy anders na wat God buite jou plaaslike gemeente besig is om te doen.

Die kerk is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Dit beteken dat baie lidmate en plaaslike gemeentes mekaar nie ken nie, o.a. vanweë afstande, verskillende historiese en kulturele agtergronde. Bowendien is die kerk nog steeds onder konstruksie, in ontwikkeling. Wat weet ons feitelik van Christus se kerk onder al die bevolkingsgroepe en in al die dele van ons land? Soms moet mense in skuilplekke vergader. Daarom weet niemand eers van hulle bestaan nie, soos Elia nie eers geweet het van die bestaan van 7000 medegelowiges nie.

Al die gemeentes van Christus waarvan baie mekaar nie ken of sien nie, is met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig. Dit wys daarop dat die eenheid waarvan art 27 praat, nie in die eerste plek 'n organisatoriese of kerkverbandelike eenheid is nie. (Trouens, die kerke uit die eerste eeue was nie deel van 'n gestruktureerde kerkverband soos ons dit vandag ken nie). Dit is 'n eenheid in die geloof, deur die Gees gewerk. Dit het natuurlik ook gevolge vir ons soeke en verlange na groter eenheid. As jy die eenheid in Christus herken, wil jy ook aan die eenheid vorm gee.

Die kerk is nie die optelsom van alle gelowiges nie, sodat elke gelowige deur sy geloof outomaties lid van die katolieke kerk is nie. So kry jy 'n onsigbare kerk. Maar die kerk is 'n vergadering van alle gelowiges, 'n kudde wat Christus plaaslik vergader. Hoewel ons die wêreldwye kerk nie kan oorsien nie, is dit in sy plaaslike vergadering terdeë sigbaar. Jy sien die katolieke kerk in elke getroue plaaslike gemeente wat Christus in die eenheid van die geloof vergader. Deur die besondere pad wat God met 'n groep mense loop of deur God se werk van reformasie kan daar selfs vir 'n tyd meer as een plaaslike ware kerk wees. Wanneer jy dit ontdek, sal jy daarna strewe om steeds meer en meer vorm te gee aan die eenheid wat God deur sy Woord en Gees bewerk het.

## Ons Roeping om ons te voeg by die Ware Kerk: Art 28 NGB

Terwyl art 27 oor die kerk as gawe en werk van God praat, praat art 28 van ons roeping tov hierdie selfde kerk. Elke gelowige is verplig om hom by die ware kerk aan te sluit. Waarom? Omdat dit 'n versameling van verlostes is en daarbuite geen saligheid is nie. God belowe en skenk sy heil aan sy volk.

Daarmee bely ons nie dat daar buite die kerk niemand salig kan word nie. Of daar buite die kerk mense salig word, lê in God se soewereine hande. Ons mag God daarin nie bind nie. Maar God bind ons wel aan die kerk met sy prediking. Soos die Herder sy skape aan die kudde bind. Daar waarborg die Herder beskerming en versorging, lewe en oorvloed, deur Woord en Sakrament, deur onderlinge en amptelike diensbetoon. Om te voorkom dat jy jou aan die beskerming, wat Christus vir jou in die kerk bied, sou onttrek, klink die ernstige waarskuwing: Buite die kerk is daar geen saligheid nie.

Dit mag ons nie daartoe bring om in hoogmoed en valse gerustheid uit te roep, soos die Jode dit gedoen het: "Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!" (Jer 7:4). Dis bedrieglike woorde. Asof God sy belofte onvoorwaardelik aan 'n seker kerk-adres verbind. So het sekere mense in hul kleingeestigheid die kerk beperk tot hul eie eksklusiewe groep. Ons sou ons daaraan skuldig maak indien ons sou sê dat daar buite die VGK geen saligheid is nie. God het Homself nie onvoorwaardelik aan een kerk-adres verbind nie. Dit sou hoogmoedig wees om dit te dink.

Die lou gemeente van Laodicea moet Christus se dreigende woorde hoor: "Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openb 3:16). God kan 'n gevestigde gemeente uit sy mond spuug om êrens anders, waar jy dit nie sou verwag het nie, skielik 'n ander gemeente te laat ontstaan. Laat ons nie te klein van God dink nie. Hy kan uit klippe kinders van Abraham wek, buite die offisiële ampte. Aan die ander kant, laat ons die roeping om ons by die ware kerk aan te sluit, nie verontagsaam nie. Dit is 'n ernstige saak waaraan die Here ons bind. Dit is die norm.

Niemand, wat sy stand en status ook al is, mag hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig hou nie. Om lid van die kerk te wees is 'n saak van nederigheid, voor God en voor die mense. Jy laat jou lei en versorg deur Christus wat daarby gewone mense inskakel. Jy onderwerp jou aan die kerklike leer en tug en jy buig jou hals onder die juk van Christus.

Ons belydenis erken dat daar gelowiges is wat nog nie by die kerk is nie. Hulle is wel van die kerk, maar nog nie in die kerk nie. Daarom word ook alle gelowiges opgeroep om hulle by die kerk aan te sluit. Wie hierdie roeping ignoreer, handel in stryd met die bevel van God. Ons oordeel nie oor die behoud van so 'n gelowige buite die kerk nie. Daardie oordeel kom God toe. Nietemin is en bly dit 'n oortreding van God se bevel.

Na analogie hiervan kan ons sê dat plaaslike kerke of kerkverbande wat nie in ander getroue kerke belangstel nie, in stryd met die bevel van

God handel. Volgens art 28 is dit ons roeping om te bly strewe na groter eenheid en samewerking met ander getroue kerke van Christus.

Die eenheid van die kerk word nie net deur individualisme bedreig nie, maar ook deur ’n binding aan mense wat feitelik nie aan die kerk behoort nie. Die roeping tot afskeiding gaan uit van ’n situasie waarin mense wat die werk van Christus teenstaan, die kerk oorheers en dit so tot valse kerk maak. Hier word dan nie langer Christus se stem gehoor nie, maar die stem van die vreemde waarvan jy jou moet afkeer (Joh 10:5). Die heilige kerk van Christus is dan op ’n ander plek te vinde, naamlik waar die Woord van God in sy heerskappy herstel is. Daarom is daar die roeping om jou af te skei van die gemeenskap wat nie werklik kerk van Christus is nie en jou te voeg by die ware kerk (sien 2 Kor 6:14-18). Dit geld ook vir getroue kerke binne ’n ontroue kerkverband. As daardie kerke gemeenskap bly onderhou met die ontroue kerke, handel hulle in stryd met die bevel van God.

## Waar en hoe vind ons die Ware Kerk: Art 29

Terwyl art 27 die katolieke kerk aan ons voorstel as werk en gawe van God en art 28 ons wys op ons roeping om daarby aan te sluit, wys art 29 vir ons waar ons die kerk kan vind. Art 29 wil ons help om die roeping van art 28 waar te maak sodat ons by die katolieke kerk van art 27 uitkom of bewaar word.

Hoewel die artikel duidelik bepaal is deur die stryd van daardie tyd en hom implisiet rig teen die Roomse kerk en die doperse groepe, is dit opvallend dat ons artikel hulle nie uitdruklik noem nie. Die belydenis wil meer as net ’n historiese dokument uit ’n sekere tyd wees. Die belydenis wil ’n Skriftuurlike dokument wees wat die rigting aanwys vir alle tye.

Die kerklike situasie het nie eenvoudiger geword nie. Daar is meer kerke en kerkverbande as destyds, wat langs mekaar bestaan en geskeie lewe, terwyl hulle sê dat hulle die gereformeerde belydenisskrifte aanvaar.

Om nog met die onderskeid tussen waar en vals te kom, word vandag as hoogmoedig beskou. Natuurlik kan hierdie onderskeiding in ’n gees van hoogmoed en selfversekerdheid gemaak word. Jy is dan versekerd van jou eie goeie keuse. Jy is lid van die ware kerk. Vervolgens gebruik jy art 29 om ander gelowiges of groeperings te diskwalifiseer. Hulle is nie een met jou nie, dus moet hulle wel vals wees. Asof die etikette waar en vals sommer in elke situasie gebruik kan word, om die saak oorsigtelik te hou. So eenvoudig is dit nie. Dan haal jy die onderskeid waar en vals uit sy konteks en gebruik jy dit net om jouself te bevestig. Maar dit kan nooit die bedoeling van ons belydenis wees nie. Omdat dit nie die bedoeling van die Woord is nie. In die Skrif kom dit daarop aan dat jy die dinge geestelik beoordeel. Die dinge van die Gees van God (en daarby behoort ook die kerk en sy kenmerke) moet geestelik beoordeel word (1 Kor 2:14).

Dit is opvallend dat ons belydenis die ware kerk nie net van die valse kerk onderskei nie, maar ook van alle sektes. Die eerste helfte van die artikel noem net die sektes, terwyl eers aan die einde van die artikel die valse kerk skielik genoem word. Histories gesien lyk daar ’n onderskeid tussen die twee te wees.

Die naam sektes is ’n ruimer begrip as die naam valse kerk. Dit wys op ’n breë spektrum van vervalsing, veel meer as wat die kenmerke van die valse kerk laat sien. Die mate van dwaling en vervalsing is nie altyd dieselfde nie. Tog het elke sekte dít gemeenskaplik: deur ’n sekere vervalsing van die Skriftuurlike leer verbeur hulle die reg op die naam kerk. Wat doen ons belydenis dan? Dit help ons eers om te midde van die veelkleurige vervalsing die ware kerk te vind. Daarom word die kerk en haar lede geteken. Vervolgens wys die belydenis ook op ’n toegespitste vorm van vervalsing, naamlik die valse kerk. Alle vervalsing toon nie dieselfde kenmerke nie, maar daartussen is daar wat duidelik die kenmerke van die valse kerk vertoon. Om dit in die woorde van art 29 te sê: alle sektes is nog geen valse kerk nie; die valse kerk is wel ’n sekte.

Hierdie reliëf in art 29 bewaar ons vir die onvrugbare dilemma van waar of vals. As skema lei dit tot die eenvoudige konklusie: Waar die kenmerke van die ware kerk nie onmiddellik herken word nie, moet die kerk wel valse kerk wees. Anders klop die skema nie. Maar elke gemeenskap buite die ware kerk lyk nie outomaties soos die valse kerk nie. Of omgekeerd: wat nie onmiddellik die kenmerke van die valse kerk vertoon nie, moet wel ware kerk wees. Maar as ’n kerk byvoorbeeld bly weier om die eenheid in Christus met ander kerke te soek en knus op sy eie wil bly, kan jy so ’n gemeenskap wel met reg die **algemene** Christelike kerk van art 27 noem? Die waar en vals skema kan nie sommer op elke situasie toegepas word nie. Ons artikel is nie bedoel om by voorbaat alle moontlike en onmoontlike kerklike situasies te kwalifiseer nie. Die belangrike vraag bly: waar vind ek, in ’n wêreld vol van vervalsing, die ware kerk? Is die kerk waarvan ek lid is, ’n egte kerk? Daarby wil die belydenis jou juis help.

Nadat ons belydenis die drie kenmerke van die ware kerk noem, vat dit kort saam waaroor dit gaan: “Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.” Die kerk is daar waar Christus regeer deurdat sy Woord alle seggenskap het. So word die Woord van God ook die eerste en vernaamste kenmerk genoem. By al drie kenmerke

gaan dit oor die Woord. By die eerste gaan dit oor die ***hoorbare*** Woord, by die tweede oor die ***sigbare*** Woord en by die derde oor die ***voelbare*** Woord.

Hierdie kenmerke beskryf drie aktiwiteite. Die kerk moet die evangelie preek, die sakramente bedien en die kerklike tug gebruik. Die kenmerke gee bepaald geen statiese beeld van die kerk nie. Daarby gaan dit ook baie duidelik om die suiwerheid. Die aktiwiteite moet ooreenkomstig God se Woord plaasvind. Nie net insidenteel nie. Nee, dit moet gewoonlik (struktureel) so in die kerk toegaan. Dit moet die gemeenskap van die kerk tipeer. Dan herken jy ook die werk van die Gees. Die aktiwiteite van die kerk is dan die instrumente van die Heilige Gees. Dis dan middele waardeur die Heilige Gees die genade skenk, ons in die genade versterk en ons by die genade bewaar. Dit is kort gesê die sin van die kenmerke van die kerk. Ons sien daarin hoe Christus sy gemeente deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou. Die oordeel "valse kerk" verwys heel eerste na die kerk as organisasie, en nie na die ménse nie. In 'n valse kerk kan daar nog gelowiges wees, selfs predikante wat Skriftuurlik preek en waarsku. Hulle is daar egter "in stryd met die bevel van God" (art 28).

By die kenmerke van die valse kerk gaan dit nie oor die vraag of in die kerk sonde en gebreke voorkom en of daar dwaling bestaan nie. Wat verwag jy van 'n gemeenskap van sondaars? Die ware kerk is ook nie volmaak nie. Dit gaan egter oor die vraag: wie het daar gesag? Kan Christus sy gesag ongehinderd deur sy Gees en Woord uitoefen? Of word Hy daarin deur die liggaam van die kerk teengestaan? Wie sit daar op die troon: Christus of die mens? Die punt waaroor dit by die valse kerk eintlik gaan, is dus: "dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God;"

Voorwaarde om die ware en valse kerk van mekaar te onderskei, is dat ons dit sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God doen. Dit kan moeilik wees. Die vervalsing is velerlei. Vinnige en oppervlakkige gevolgtrekkings dien niemand nie. Dit is nie maklik om al die gemeenskappe in hierdie land en wêreld reg te beoordeel nie. Dit is ook nie nodig nie. Ons moet naby die huis begin, plaaslik, waar God sy kerk ook al gevestig het. As jy bereid is om te buig voor die gesag van die Bybel, dan hoef jy nie onseker te bly oor waar die stem van die Goeie Herder gehoor word nie. Want Hy verseker ons self dat die skape die stem van die Herder sal uitken uit duisende (Joh.10:4,5).

'n Kerk wat afdwaal, selfs met betrekking tot sy prediking, is nie onmiddellik valse kerk nie. Dit word eers 'n valse kerk as hulle nie die waarskuwings (die oproep tot Reformasie) aanneem nie, en hul eiewillige koers kies met woord en daad, en op daardie dwaalpad volhard.

---

# DIE ONTWIKKELING VAN DIE (BEGRIP) KERKVERBAND

**Roel Stolper**

*TEMA: KERK EN KERKVERBAND*

Hierdie artikel handel oor die ontstaan van 'n verband van kerke en hoe dit deur middel van afsprake in die kerkorde verwoord is. Drie aspekte word uitgelig :

1. Wat is 'n verband van kerke en hoe het dit gestalte gekry na die Reformasie?
2. Wat is die wese van 'n gereformeerde kerke-verband?
3. Watter afsprake is gemaak?

## Die aard en ontstaan van die kerke-verband

*Die Ou Testament*

Wanneer ons ver teruggaan tot in die Ou Testament lees ons hoe individuele gelowiges bymekaargekom het om gesamentlik die Here God te loof en te prys. Die tabernakeldienste met die gesamentlike offerdienste is 'n voorbeeld daarvan. Ons lees ook hoe die gelowiges in hulle stamverband opgetrek het na Jerusalem om die groot dade van die Here te verkondig (Psalm 121). Die Here het die stamme ook verpligtings ten opsigte van mekaar gegee om gesamentlik op te trek in oorloë om die land te beskerm teen buitelandse invallers. Die Bybelboek Rigters laat ons duidelik sien wat die gevolge is as elkeen doen wat reg is in sy eie oë, as daar geen onderlinge toesig, bemoediging en vermaning is nie. Die stamme

begin die Here verlaat en hulle voer vreemde gode in en elkeen doen wat goed is in sy eie oë.

*Die Nuwe Testament*

In die Nuwe Testament lees ons in Handelinge 1:14 hoe individuele gelowiges almal eendragtig bymekaar kom en volhard in gebed en smeking. En in Handelinge 2:44 lees ons: "En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit". Die gelowiges het nie op hulself bly staan nie, maar het bymekaargekom om gesamentlik God te loof en te prys en om mekaar te ondersteun. Gesamentlik het die gelowiges die gemeente van Christus gevorm en hulle laat vergader deur sy Woord en Gees.

*Die eerste kerklike vergadering*

Handelinge 13 vermeld hoe die Heilige Gees die gemeente Antiochië gedryf het om twee manne af te sonder vir die evangelieverkondiging in Klein-Asië. Die Heilige Gees leer die gemeente om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verkondiging van die evangelie. Hierdie sendingsaksie van Paulus en Barnabas lei tot die stigting van nuwe gemeentes in Asië, byvoorbeeld die gemeentes in Korinte en Efese. Die eerste Christelike kerke in Klein-Asië ontstaan deur die krag van die Heilige Gees.

Daar ontstaan wrywing tussen die afsonderlike Christelike kerke as gevolg van Judaïste uit Jerusalem wat rondtrek en verkondig dat pasbekeerdes hulle moet laat besny. Dit bring groot spanning tussen Paulus – Barnabas en die Judaïste. Daar is besluit om 'n (kerklike) vergadering in Jerusalem te belê om die vraagstukke aan die ouderlinge en apostels in Jerusalem voor te lê. Paulus en Barnabas vertel van die groot seën op hulle werk en lê die saak van die besnydenis aan die vergadering voor.

Die openbaring van die Gees aan Petrus om onrein vleis te eet (wat dui op die heidene vir wie God uitverkies het om te glo) gee die deurslag in hierdie saak. Die vergadering besluit om geen verdere las op nuwe Christelike gemeentes te lê nie as net die onthouding van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery (Hand. 15). Die begronding van die redenering wat tot hierdie besluit gelei het, is dat alleen dit aan ander gelowiges opgelê mag word wat duidelik en ekplisiet in Gods Woord gestel is. Geen menslike instellings mag aan mekaar opgelê word nie. Die aanwesiges laat hulle lei deur dit wat deur die Heilige Gees aan hulle geopenbaar is.

*Kerke-verband*

Ons sien dus in die Ou Testament en in die Nuwe Testament dat 'n gelowige nie op homself mag bly staan nie, maar dat hy gesamentlik met die ander gelowiges bymekaar moet kom om God te loof en te prys soos Hy dit in sy Woord voorgeskryf het. So ook mag Christelike kerke nie op hulself bly staan nie, maar hulle is aan mekaar gegee tot onderlinge steun en tot toesig oor mekaar.

**Artikel 28 van die NGB** verduidelik hoe die kerkregering plaasvind. Die gereformeerde kerke bely dat slegs Christus alleen en niemand anders nie die Hoof van die plaaslike kerk is en dat Hy die gemeente regeer deur middel van sy ampsdraers. Dit is die sogenoemde presbiteriaanse kerkregeringstelsel; die presbiter is die oudste.

In **Artikel 30** word die presbiteriaanse kerkregering duidelik verklaar. Wie is nou die hoof van die kerk - die kerkraad? Ook daarin is ons belydenis baie duidelik: Christus is die Hoof van die gemeente, want Hy het sy lewe gegee vir sy kinders, vir sy bruid.

**Artikel 27 – 29** leer ons duidelik van Christus se kerkvergaderende werk en hoe die gelowige verplig is om hom of haar by die gemeente van Christus te voeg. Gereformeerdes het deur die eeue heen teenoor die Rooms-Katolieke Kerk en latere staatskerke gestel dat Christus die Hoof van die kerk is en dat elke plaaslike gemeente 'n volkome selfstandige kerk is.

Na analogie van die vorming van gemeentes waar gelowiges hulle laat vergader deur die stem van die Goeie Herder Christus, so sal ook die Christelike gemeentes mekaar in die waarheid van Christus se Woord herken en erken en wil saamkom om mekaar tot steun en hulp te wees. Die Christelike kerke het aanvanklik in 'n verband begin saamkom en het begin om reëlings op te stel oor hulle onderlinge verhoudings en oor praktiese sake van algemene belang. Afhangende van die tipe kerkregering, is dit 'n regelement of 'n kerkorde genoem. Die gereformeerdes praat oor die eeue heen van 'n kerkorde wat die goeie gang (orde) in die gemeentes reël.

## Die ontstaan van 'n gereformeerde kerkverband

In 1568 het 'n aantal Nederlandse kerklike leiers te Wesel (in die weste van Duitsland), tydens die bloedige vervolging in die Nederlande deur die Spaanse bewind en Rooms-Katolieke Kerk, vergader om 'n basis te formuleer waarop uiteindelik 'n kerkverband tussen die verskillende Gereformeerde Kerke (gemeentes) gevorm sou kon word. Hierdie Konvent het, uit kerkregtelike oogpunt besien, alleen adviserende bevoegheid gehad, want die persone was nie deur kerke afgevaardig en gemagtig nie.

Dit was 'n Konvent, 'n konferensie en nie 'n sinode nie. In 1581 het die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerke in die geheim in Emden (in die noordweste van Duitsland) saamgekom. Hier was gevolmagtigde afgevaardiges byeen wat namens die kerke besluite kon neem (hieruit blyk duidelik dat deputate die grondslag vir die eerste sinode gevorm het).

Daar was heelwat verskil van mening oor die vraag of daar ‘n kerkverband aangegaan moes word, maar uiteindelik is ‘n aantal basiese kerkregtelike grondbeginsels geformuleer. Die sinode van Emden het as voorbeeld geneem die Ordonances Ecclesiastiques, wat deur Calvyn in 1541 vir Genève in werking gestel is, en die Kerkorde van die Franse Gereformeerde Kerke van 1559 (Discipline Ecclesiastique, wat deur Calvyn ontwerp is en wat, anders as dié van Genève, vir ‘n kerkverband voorsiening gemaak het).

Die daaropvolgende kerkevergadering van Dordrecht 1574 (tussen die partikuliere sinodes van Holland en Zeeland) het die binding aan Emden gehandhaaf en daarop voortgebou. Die Sinode van Dordrecht in 1578 het verder gewerk met die redaksie van die reeds in groot lyne vasgelegde kerkorde. Uiteindelik is die finale kerkorde geredigeer en aan die kerke gegee. Deur al die eeue heen het die kerkorde min of meer dieselfde gebly, met miskien hier en daar klein redaksionele veranderinge en uitbreidings.

*Die karakter van ‘n gereformeerde kerkorde* kan as volg saamgevat word:

1. Christus vergader sy gemeente en is die Hoof van die plaaslike kerk.

2. Na analogie van die ligaam van Christus wat uit vele lede bestaan, bestaan ‘n kerkverband ook uit vele plaaslike gemeentes. Ook vir die kerkverband is Christus die Hoof en die afsonderlike afgevaardiges laat hulle lei deur Christus en sy Woord.

3. Afsonderlike kerke sal die besluite van meerdere vergaderings vir vas en bindend hou deur middel van ratifikasie, tensy daardie besluite in stryd is met God se Woord en die Belydenis. In so geval sal die kerk die besluit nie vir vas en bindend hou nie en daarteen in beroep gaan (Art 31 KO).

4. In wese is die kerkverbandelike eenheid in Christus en sy Woord verbreek wanneer meerdere vergaderings besluite neem in stryd met God se Woord.

5. Kerke kom slegs vir ‘n bepaalde tyd saam om sake van gemeenskaplike belang te bespreek en besluite daaroor te neem en daarna word die besondere vergadering weer opgehef.

6. Alleen dit wat deur die gemeentes op die meerdere vergaderings se agenda geplaas is, kan hanteer word. Die meerdere vergaderings mag geen eie lewe lei nie.

7. Vir die goeie gang van sake in die gemeentes en op meerdere vergaderings is daar ’n vaste kerkorde afgespreek.

### Konklusies

1. Kerkverband is ‘n verband waarin kerke van Christus saamkom om mekaar te verenig en te laat lei in die eenheid van die waarheid en is ‘n gawe van God. Christus het sy bloed ook vir die kerkverband gegee!

2. ‘n Gereformeerde kerkverband word gekenmerk deur binding aan en handhawing van Skrif en Belydenis.

3. Solank daar binding is aan God en sy Woord is daar eenheid in waarheid, maar as die binding verbreek word deur onskriftuurlike besluite, is die wese van die kerkverband verbreek en feitlik is daarmee die eenheid verbreek.

4. ‘n Kerk sal die kerkverband verlaat wanneer die meerdere vergaderings besluite neem wat in stryd is met die Woord van God, omdat daar dan nie meer wesentlike eenheid in gehoorsaamheid is nie.

**Bronne**

1. Skrif en Belydenis.
2. Kamphuis, J. Kerklike besluitvaardigheid.
3. Spoelstra, B. Handleiding by die kerkorde van die GKSA

---

# KERKVERBAND

**Cees Roose**

*TEMA: KERK EN KERKVERBAND*

### Inleiding

Vir die meeste kerklidmate is die begrip “kerkverband” iets waaroor hulle nie baie nadink nie. Dit is ’n gegewe. Net so is ook die manier waarop ’n kerkverband funksioneer, vir die meeste lidmate iets wat sonder meer aanvaar word en eintlik nie bespreekbaar is nie.

So hoor ’n mens elke nou en dan dat sekere dinge in ons kerke nie toelaatbaar is nie, omdat die kerkverbandelike reëls geen ruimte daarvoor sou laat nie. In die meeste gemeentes van ons kerkverband geld byvoorbeeld die reël dat deelname aan die viering van die Heilige Nagmaal deur ’n persoon wat nie ‘n lidmaat van ons

gemeente is nie, slegs moontlik is as die persoon 'n sogenaamde attestaat kan toon waarin verklaar word dat hy/sy 'n lidmaat is van 'n gemeente wat deel is van ons eie kerkverband of van 'n kerkverband waarmee ons korrespondensie onderhou.

'n Ander voorbeeld is ons verhouding met die Gereformeerde Kerke van SA noudat die Gereformeerde Kerke in Nederland 'n susterkerkrelasie met die GKSA aangegaan het en daar individuele gemeentes in die VGK-kerkverband is wat 'n verhouding met 'n naburige GKSA-gemeente het. Is dit so dat jy nie 'n gemeente as ware kerk kan erken nie as ons nie die kerkverband waarin dié gemeente funksioneer, as 'n groep ware kerke (of 'n ware kerkverband) kan (h)erken nie?

Hierdie artikel is 'n poging om duidelikheid te gee oor die rol wat die kerkverband in ons kerklike lewe speel en hoe dit korreleer met die aanwysings wat die Bybel vir ons gee insake die funksionering van kontakte tussen Christelike gemeentes.

## Kerkverband – Bybelse opdrag?

Voor ons die vraag probeer beantwoord, is dit miskien goed om eers die begrip "kerkverband" te definieer. Daarby sal dit goed wees om te onderskei tussen

1. die beginsel agter die funksionering van die kerkverband; en
2. die praktyk van die funksionering van die kerkverband.

As ons eers na die beginsel kyk, kan die "kerkverband" soos volg gedefinieer word: die beoefening van eenheid tussen gelowiges, oor gemeentegrense, deur middel van ondersteuning van mekaar en toesig op mekaar.

*Is dit 'n Bybelse opdrag?*
Daar is genoeg Bybelse gegewens om te konkludeer dat die aangaan van 'n kerke-verband Skriftuurlik is. Om enkele tekste te noem:

"Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (Joh. 17:20, 21).

In I Korinthiërs 16 lees ons van Paulus se aanbeveling om insamelings te hou ter ondersteuning van die gemeente in Jerusalem; 'n praktiese, Bybelse voorbeeld van kerkverband-beoefening. In II Korinthiërs 8 word die gemeente van Korinthe deur Paulus opgeroep om die voorbeeld van die Macedoniese gemeentes te volg wat "...ons met groot aandrang gesmeek (het) dat ons hulle gawe en hulle deel in die diensbetoning aan die heiliges (in Judea) moet ontvang" en in vs. 7 sê hy: "...sorg dat julle ook in hierdie liefdedaad oorvloedig is." (II Kor. 8:4, 7). Dat hierdie betrokkenheid oor gemeentegrense heen vir die Here welgevallig is, blyk duidelik in vs. 19 waar hy dit noem: "...liefdewerk wat deur ons berei word, tot die heerlikheid van die Here self ...".
Bostaande voorbeelde verwys slegs na die 'ondersteuning'-deel van ons definisie en nie direk na die 'toesig'-deel nie. Daar is egter voldoende Bybelse argumente om ook dit as 'n Bybelse opdrag te beskou, soos byvoorbeeld in Handelinge 15 waar die "Handelinge" van een van die eerste 'sinodes' bekendgestel word, waarin riglyne gegee word waaraan al die gemeentes hulle behoort te hou.

Samevattend mag ons dus die gevolgtrekking maak dat 'kerkverband-beoefening' in beginsel inderdaad 'n Bybelse opdrag is.

## Kerkverband – Hoe funksioneer dit in die VGKSA?

As ons vervolgens kyk na hoe die VGK die beginsel van kerkverband-beoefening prakties uitvoer, is daar twee aspekte te onderskei:

1. Hoe dit in die kerkverband-reëls vasgelê is in die KO; en
2. wat die VGK-lidmate se persepsie van die reëls is.

By die bestudering van die KO blyk dit dat die fokus duidelik gerig is op die funksionering van die gemeente. Selfs in die artikels oor "meerdere" vergaderings is dit duidelik dat die vergaderings daar is om die funksionering van die gemeentes te bevorder.

Dit is heeltemal volgens die riglyne van die Skrif. Die gemeente is die kern. Hierbo het ons gesien dat 'kerkverband-beoefening' wel 'n Bybelse opdrag is, maar gemeentestigting en bevordering van die gemeentelike lewe kry in die Bybel baie meer aandag.

Daaruit behoort ons 'n les te leer. Die voorbeelde van kerkverband-beoefening soos ons dit in die Bybel raakloop, staan binne die raamwerk van God se liefdesgebod. Liefde vir God en liefde vir ons naaste.
Die funksionering van 'n kerkverband moet dus as doel hê om God se Koninkryk te bevorder.

Die gereformeerde voorvaders het die DKO opgestel, juis met die doel om diensbaar te wees aan die kerkvergaderende werk van Christus. Ons as gelowiges in die 21ste eeu besef nie altyd die waarde daarvan nie, maar daar behoort geen twyfel te wees dat die DKO 'n seën vir die gereformeerde kerke was nie.

Daarteenoor moet ons besef dat die KO ook verkeerd gebruik kan word. Ons weet uit ons eie kerkgeskiedenis van 'n geval waar die skorsing en afsetting van 'n predikant, wat op grond van die Bybel geregverdig was, met 'n beroep op die KO verhinder is.

Die les wat ons hieruit moet leer is dat die KO en die funksionering van 'n kerkverband altyd moet dien om die nalewing van Bybelse riglyne te bevorder. In 'n situasie waar kerkverbandelike reëls ons verhinder om

God se wil te doen, is daar beslis ‘n probleem met ons vertolking van die reëls en nie noodwendig met die reëls self nie. En selfs as ons vertolking in die geval reg is, mag kerkverbandelike reëls ons nooit verhinder om Bybelse opdragte uit te voer nie.

Kom ons neem die voorbeeld van die reëls vir Nagmaalbywoning. Hierbo is reeds aangedui wat die gangbare reël in ons kerkverband, met ‘n beroep op die KO, daarvoor is. Maar wat lees ons in KO art 60? “Die kerkraad sal slegs diegene wat belydenis van hulle geloof volgens die gereformeerde leer afgelê het en wat godvresend lewe, tot die nagmaal van die Here toelaat. Diegene wat uit susterkerke kom, sal op grond van ‘n goeie attestasie van leer en lewe toegelaat word.”
Die kriterium is dus nie die attestasie nie, maar die godvresende lewe volgens die gereformeerde leer. Dit beteken dat Nagmaalsviering volgens die KO in beginsel nie tot ons eie lidmate en lidmate van susterkerke beperk is nie.
Hier is dus ‘n geval waar die korrektheid van ‘n vertolking van die KO-reëls betwyfel moet word.

‘n Ander voorbeeld is die moontlike situasie wanneer ‘n kerkraad van die VGK ‘n gemeente in die GKSA-kerkverband as gemeente van Christus (volgens art. 27-29 NGB) herken. So’n kerkraad sal worstel met die kerkverbandelike implikasies van die erkenning van so ’n gemeente as ware kerk van Christus. Dat ons daarmee worstel, is nie verkeerd nie. Maar is die basis van ons worsteling korrek? Is God se opdrag tot eenheid ons prioriteit nommer 1, of is ons vasgevang in ons vertolking van kerkverbandelike reëls en as gevolg daarvan in stryd met God se opdrag?

Die praktiese implikasies van sulke situasies is nie altyd heeltemal duidelik nie. Maar een ding moet vir ons almal duidelik wees. Ons moet eers goed verstaan wat presies ons uitgangspunt moet wees en daaroor het ek geen twyfel nie. God se opdrag is om eenheid na te strewe met alle gelowiges en dit is die basis waarvandaan ons die problematiek rondom ons verhouding met ander gemeentes in die GKSA moet hanteer.
As ons eenheid in die geloof konstateer, verplig dit ons om te streef na praktiese realisering van die eenheid.

Die VGK-lidmate is in die algemeen huiwerig om nader aan die GKSA te beweeg. Ons voel dat die GKSA as kerkverband nie voldoende beskerming teen onskriftuurlike ontwikkelings bied nie. Prakties beteken dit dat die kans om eenheid tussen ‘n VGK-gemeente en ‘n GKSA-gemeente te realiseer, baie klein is.

Oor die gevare in die GKSA wil ek graag iets meer sê. Dit is baie logies om vir onsself en ons kinders die bes moontlike situasie te probeer skep om by die ware geloof bewaar te bly. M.a.w. bly in die kerkverband waar ons veilig voel en bly weg van kerkverbande waaraan ‘n sekere risiko verbonde is. Dit klink na ‘n baie wyse en vroom keuse. Maar is dit werklik wat God van ons vra? As ons kyk na wat die NGB in art. 27 – 29 vir ons voorhou, dan is die keuse nie regtig tussen veilige en onveilige kerke nie, maar tussen ware en valse kerke. En die opdrag is daar eenvoudig: een word met die ware kerk en afskei van die valse kerk. En wie of wat bepaal waar ons veilig is? Die kerkverband of die Here?

Wat ek daarmee wil sê is dat die Here soms van ons vra om keuses te maak waaroor ons ongemaklik voel, omdat dit vir ons onveilig lyk. Maar as dit die wil van die Here is en ons vind die moed (of beter: die vertroue op God) om sulke keuses te maak, sal die Here dit ook seën. Daarom is die argument dat ons kinders in die GKSA nie veilig sou wees nie, volgens my nie baie sterk nie. Die Here kan ons kinders ook daar beskerm. Daarmee beweer ek nie dat die kommer oor die GKSA nie relevant sou wees nie. Maar dit is belangrik om hierdie sake in die regte perspektief te stel.

Die gesag van ‘kerkverband’ kan oorwaardeer word en ek dink dat in ons kerke ‘n neiging daartoe bestaan. Aan die ander kant kan dit ook onderwaardeer word en dit is volgens my beslis die geval in die GKSA. As gevolg daarvan sien ‘n mens independentistiese neigings in dié kerkverband.

Ons kan natuurlik stel dat strewe na eenheid die eerste prioriteit moet wees (omdat dit ‘n Bybelse opdrag is) en die kerkverbandelike implikasies is dan van ondergeskikte belang (want dit is menslike reëls). Dit klink vroom, maar in feite maak ons dan dieselfde fout as waarvan ons die GKSA beskuldig, en behalwe vir dit verwaarloos ons dan ons taak t.o.v. die strewe na eenheid in ons eie kerkverband.

In dié verband wil ek graag verwys na die Nederlandse “Regeling voor plaatselijk contact en samenwerking zonder landelijke overeenstemming”. In punt 3 van die Regeling word gestel dat die eie gemeente ingelig moet wees. In punt 5 word betrokkenheid van die gemeente by die kerkraad se besluitvorming geadviseer. Dus, dit is belangrik om altyd die eenheid in die eie gemeente te bewaar wanneer dit gaan oor kerklike samensprekings met kerke uit ‘n andere kerkverband. Dit is noodsaaklik dat die eie gemeentes goed ingelig is en dit ten volle ondersteun, maar ook dat die onderskeie klassisse van die twee kerkverbande ingelig is en dit ondersteun. Dit sou ongereformeerd wees as die eenheid met ‘n gemeente uit ‘n ander kerkverband bo die eenheid van die eie gemeente en bo eenheid van die eie kerkverband gestel word, behalwe as daar buite-Bybelse bindings opgelê word.

# Christus – Lig van alle nasies

**Erik van der Linden**

*VENSTER OP DIE BYBEL*

## Die volheid van die tyd

In `n beeld, verskriklik van gedaante en met `n buitegewone glans, het Daniël, Nebukadnesar se gunsteling, die vier wêreldryke gesien. Die laaste een van hierdie vier was so hard soos yster en het alles voor hom fyngestamp en vergruis.

Vyf eeue later, by die begin van ons jaartelling, staan dit, onder die heerskappy van keiser Augustus, aan die hoogtepunt van sy mag. Die stad van die sewe heuwels, wat in 753 v.C. aan die Tiber gebou is, het die middelpunt geword van `n staat, wat nie net oor die Italiaanse skiereiland nie, maar oor die hele bestaande wêreld van daardie tyd uitgestrek het. Oor meer as `n honderd miljoen mense het die Romeinse imperator sy septer geswaai. Alles het gebeef voor sy legioene. Rome het die wêreld oorwin en het uitgeblink op alle terreine.

In hul godsdienstige verdraagsaamheid vereer hulle ook die gode van die oorwonne volke. Vir Jupiter, die opperste god, en sy vrou Juno word daar in die beroemde hoofstad `n pragtige heiligdom opgerig. Mars, die oorlogsgod, wat die Romeine moed en besieling gee in oorlog, word op groter wyse geëer. Ook die gode van die Griekse Olimpus word onder ander name vereer en selfs bo oud-Romeinse gode verhef. Op wetenskaplike en literêre terrein blink die Romeine uit. Die wêreldstaat skitter in al sy glorie.

Buitensporig was die weelde, onversadigbaar hul genotsug en verskriklik hul sedes en norme. Die hele mensheid, tot een reusagtige ryk verenig, voel egter onvergenoegd en sug, vol onbewuste verlange, na verlossing. Want, soos Augustinus dit so pragtig stel, die menslike hart, wat deur God geskape is, kan nêrens rus vind nie, behalwe by Hom alleen.

Die verlossing was op pad!
God het reeds die pad gebaan vir daardie verlossing. Die Romeinse wêreldheerskappy het, deur die grensmure tussen die verskillende lande af te breek, die snelle verbreiding van die evangelie vergemaklik. Een wêreldtaal, die Griekse taal, sou weldra die voertuig word van die Blye Boodskap, terwyl die handelsweë, wat selfs die verste streke verbind het, geleentheid sou gee vir die verspreiding van die boodskap van Vrede.
Die eerste strale van die Lig van die wêreld het reeds oor die horison begin skyn.

Wat was die situasie in Israel? Was die verbondsvolk gereed om hierdie Lig te ontvang?
Toe Israel in ballingskap was, het die Jode gerou oor Jerusalem, die stad wat vir hulle so dierbaar was. Geen vrolike harpgetokkel of lied van die Here is meer gehoor nie. “By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink.” (Ps. 137: 1)

Onder Serubbabel en Josua het hulle na Jerusalem teruggekeer en het die Judeërs, deur die hervorming van Esra, die afgodery vergoed afgesweer. Onder die Romeine Antiochus Epifanus en later Pompejus is die tempel op verskriklike manier ontheilig en dit het gely tot `n kragtige verset van die Jode. Maar teen die tyd toe Herodes die Grote in Rome tot koning verklaar word en die tempel met groot styl en verkwistende prag herbou is, was die godsdiens van Abraham se nageslag, ten spyte van al hierdie uitwendige vertoon, maar in `n droewige toestand.
Die Joodse volk was enersyds in Palestina gevestig en andersyds versprei dwarsoor die Romeinse Ryk. In Palestina is die Jode op godsdienstige gebied gelei deur die Wetgeleerdes. Hulle was weer in twee groepe verdeel, naamlik die Fariseërs (afgesonderdes) en die Sadduseërs. Beide groepe is goed aan ons bekend deur die vier Evangelies.

Aan die ander kant sou die Jode in die verstrooiing `n groot deel bydra tot die voorbereiding van die koms van die koninkryk van die hemele. Hulle was vir die volke met wie hulle in aanraking gekom het, tot `n groot seën, omdat deur hulle die Ou Testament bekend geword het. In Egipte is die Ou Testament in Grieks vertaal en hierdie vertaling was die middel wat God gebruik het om baie heidene met die Heilige Skrif bekend te maak. Teenoor die veelgodedom van die heidene het hierdie Jode geleer dat daar maar een ware God is, wat Homself aan Israel geopenbaar het en wat nie in die vorm van beelde vereer mag word nie. Die Jode het wel nie baie proseliete gemaak nie, maar tog was daar baie wat deelgeneem het aan die godsdiens in die sinagoge en aan die Joodse gebruike, sonder dat hulle tot die Jodedom toegetree het. Op hierdie manier kon `n deel van die ou verbondsvolk tog nog die brug vir die heidene vorm om tot die Christendom te kom.

As Paulus sê dat Jesus Christus in “die volheid van die tyd gekom het” (Gal. 4:4), dan is dit so dat die Here God die wêreld gereed gemaak het vir sy koms.

## Die jong kerk

Onder leiding van die Heilige Gees word op Pinksterdag die eerste sigbare kerk gestig. Deur sy besondere gawes aan die 120 toebedeel (Hand. 1:15 en Hand. 2), word die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente bevestig. Daar vind die heerlike wonder plaas dat daar in verskillende tale oor die groot dade van God gespreek word. Die tyd is verby dat die kerk alleen tot Israel beperk is. Op hierdie dag is drieduisend gedoop en by die kerk van Christus gevoeg.

Die eerste Christelike gemeente word gedra deur besondere kenmerke. Die apostels het kragtige getuienisse gegee, waar hulle ook al gekom het, en die gemeentes het in hierdie leer volhard. Dit alles is versterk deur die wonders en tekens wat deur die apostels plaasgevind het (Hand. 4:12-16)
Hoewel die gemeente uit vele range en stande bestaan het, was hulle een van hart en siel en gees; eendragtig aanmekaar verbind deur `n gees van liefde en `n gemeenskaplike geloof in Jesus Christus. Hierdie eenheid is uiterlik gekenmerk deur `n vrywillige gemeenskaplike besit en `n blymoedige opoffering. Hulle het volhard in die breking van die brood, in gebed en in die verheerliking van God se Naam. Kenmerkend was die blydskap en eenvoudigheid van hart en die eenvoud in die erediens. Die gemeente het gestaan onder die onmiddellike leiding en tug van die Heilige Gees.

## Organisering van die jong kerk

Wat die organisasie van hierdie eerste Christelike gemeentes betref, kom dit kortliks op die volgende ampte en bediening van die Woord en sakramente neer:

Die amp van apostel was die vernaamste en oudste amp. Die apostels is gesien as geroep deur Jesus self tot predikers en leiers en moes aanvanklik preek, toesighou en die armes versorg. Matthias is al voor die uitstorting van die Heilige Gees tot apostel verkies in die plek van Judas Iskariot (Hand. 1:15-26) en later is Silas en Timotheus aangestel as helpers van die apostels. Profete het die apostels ook ondersteun met hul besondere gawe van lering (Ef. 2:20)

Die amp van diaken was die eerste amp wat by die moedergemeente in Jerusalem ingestel is. Aangesien die gemeente so vinnig gegroei het, het die werksaamhede van die apostels te veel geword. Die Griekssprekende Jode het begin murmureer omdat hul weduwees oor die hoof gesien is in die daaglikse versorging. Die diakenamp is in Handelinge 6 ingestel met die verkiesing van die eerste sewe diakens, waarvan Stefanus een was. Hulle moes die versorging van die armes behartig.
Later in Handelinge lees ons dat ouderlinge onderskei word in: die ouderlinge wat arbei in die Woord en die leer, en die ouderlinge wat opsig oor die gemeente gehad en regering uitgeoefen het - dus leraars en opsieners (1 Tim. 5:17). So het die drie ampte ontstaan wat vandag nog in die kerk gevind word.

Met die erediens is dadelik begin. Begryplikerwys het daar nog geen kerkgeboue bestaan nie, maar die gemeente het gereeld in huise en soms in die tempel vergader. Die reël was: eenvoud in die suiwere verkondiging van die Evangelie. `n Skrifgedeelte is voorgelees, lering het gevolg en verder is gebid en gesing. Die Heilige Nagmaal is eers daagliks en later op elke eerste dag van die week gevier. Telkens is daar ook nuwe lidmate tot die gemeente toegevoeg nadat belydenis van die geloof afgelê is, en die doop is bedien. God het die aktiwiteite in Jerusalem ryklik geseën.

**Vervolging en verspreiding**
Dit was egter nie so dat met die eerste Christelike gemeente die paradys op aarde teruggekeer het nie. Die sonde wat in almal se harte is, was ook teenwoordig in die harte van die jong kerk. Ananias en Saffira (Hand. 5) is genoeg bewys hiervan. In die verwagting van die snelle wederkoms van Christus het sy opdrag om sy getuies te wees in Jerusalem, die hele Judea, Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde (Hand. 1:8), agterweë gebly.
Die vuur van haat, wat die Sanhedrin so lank teen ons Koning gekoester het, brand nou net so sterk teen sy volgelinge. Satan probeer om die gemeente van Christus te vernietig deur die inhegtenisname van apostels (Hand. 4:3 en 5:18), die steniging van Stefanus (Hand. 7:58) en die bloedige vervolging deur Saulus (Hand. 8:3 en 4). Christus self beskerm egter sy kerk. Deur die werk van satan is die gemeente verwoes, maar die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die Woord van die evangelie verkondig. So het daar dogtergemeentes ontstaan in Samaria en Damaskus. Met die gesig wat Petrus in Joppe gesien het (die laken met die rein en onrein diere van Hand. 10), het God die jong kerk voorberei op die verspreiding van die Christelike godsdiens na die heidene. God se grootse werk onder die heidene deur Paulus het op hande gelê.

Met die uitstorting van die Heilige Gees het daar `n klein ligpuntjie verskyn in die donker Romeinse wêreldryk. `n Vlammetjie, wat soos `n veldbrand sou versprei - die eerste tekens van `n nuwe wêreldryk, wat God self op hierdie aarde sal bewerkstellig.

# Ontstaan en ontwikkeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

**Klaas Bijzet**

*RONDOM DIE KERK*

## Inleiding

Na die Tweede Wêreldoorlog het ‘n stroom emigrante Nederland verlaat. Die meeste van hulle het na Kanada gegaan, ander na Australië, en ook Suid-Afrika het ’n deel ontvang. Onder die talle emigrante was daar ook mense wat enkele jare tevore in Nederland saamgegaan het met die kerklike reformasie wat aldaar plaasgevind het en wat die *Vrymaking* genoem word.

Die Vrymaking het ‘n baie groter impak op die kerkvolk gehad as wat later gedink en voorgestel is. Dit het, wat die leerstellige kant betref, hoofsaaklik gehandel oor die verbond en die doop aan jong kinders. Vraagstukke wat ‘n groot rol in die geloofslewe van baie gereformeerdes gespeel het. Hieroor is daar reeds vanaf die 17de eeu gestry en dit het ook in die 19de eeu en die begin van die 20ste eeu weer baie aandag gevra.
Veral die prediking het die invloed hiervan ondervind. Die heil van God in Christus is sterk verkondig. Dit het die mense dikwels aangegryp en baie getroos. In aansluiting by die prediking was daar die pastorale aspek. Lidmate is opgewek om die vaste Woord en beloftes van God te vertrou en te aanvaar.

## Waar is die kerk?

Hoe het die emigrante wat met die *Vrymaking* saamgegaan het, die prediking en die kerklike lewe in Suid-Afrika gevind en ervaar? Uiteraard was die beoordeling van die individuele gereformeerde emigrante uiteenlopend. Dit het dikwels van lokale omstandighede afgehang. Daar was egter verskillende broeders en susters wat die kerklike lewe as ‘n agteruitgang ervaar het by dit wat hulle in Nederland agtergelaat het.

Die meeste vrygemaakte emigrante het kontak gesoek of selfs aangesluit by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Reeds vanaf die stigting in 1859 was daar bande tussen die GKSA en die Gereformeerde Kerken in Nederland. Daarom was daar min kontak met ander kerke.

Oor die algeheel is die vrygemaakte emigrante geredelik tot die gemeenskap van die GKSA toegelaat. Gewoonlik egter met die uitdruklike vermelding om nie oor die Vrymaking in Nederland te praat nie. Soms is selfs afkerigheid ervaar.

Behalwe vir hierdie saak was daar dikwels ook om ander redes onvergenoegdheid. Een broeder (br J.C. Jansen) het veral die voortou geneem en sy stem laat hoor. Hy het geskryf en die vraag gestel: Waar is die kerk? Hy kon dit nie uitken nie. Br Jansen was ‘n begaafde man wat insig in sake gehad het en ook op hoogte was van die kerkgeskiedenis van Suid-Afrika. Daardeur kon hy die stukrag agter die ontstaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word. Hy het kontak met ander broeders en susters gesoek en ook aan alle professore en predikante van die GKSA ‘n publikasie van prof. C. Veenhof gestuur, *Om de “Unica Catholica”*. Dit was ‘n baie interessante uitgawe van 446 bladsye wat die menings van verskillende teoloë weergegee het wat nie self met die Vrymaking saamgegaan het nie.

Hierop is min reaksie ontvang. Daarom is eers in Pretoria en later ook in Kaapstad oorgegaan tot die stigting van ‘n Vrye Gereformeerde Kerk.

## Besware

Nadat die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria geïnstitueer was, skryf die kerkraad van die gemeente (skriba J.C. Jansen) ‘n brief *Aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland.* Hierin kom die volgende paragraaf voor: *“De Gereformeerde emigranten in Zuid-Afrika leefden reeds geruime tijd geïsoleerd, omdat voor hen geen plaats was in de Afrikaanse kerken. De afval in deze kerken was zeer groot en zij zijn geheel verwereldlijkt. Zoals overal elders kwam deze deformatie het scherpst tot uiting in de aanvaarding van de schorsers, terwijl de geschorsten met zorg werden geweerd”.*
En na die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerk in die Kaap skryf dieselfde kerkraad onder andere: *“Geve Hij dat wij altijd de gevaren zullen blijven zien, die in dit land en onder dit volk, dat zo alleszins godsdienstig is, maar van de dienst van den levenden God zo weinig meer kent, zo sterk op ons en onze kinderen afkomen. Het verdoezelen van de antithese is duizendmaal gevaarlijker dan de openlijke goddeloosheid, en het is juist deze verdoezeling der grenzen die in het Afrikaanse kerkelijke leven zulke angstwekkende vormen heeft aangenomen”.*

As besware teen die kerklike lewe in Suid-Afrika is dus genoem: verwêreldliking en verdoeseling van die antitese. In 1962 het die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad as moontlike oorsaak van ‘n gebrek aan onder-

skeidingsvermoë, gewys op ‘n sinodebesluit van 1942 van die GKSA om die ander Afrikaanse kerke as Christelike kerke te aanvaar. En wat die prediking betref, is gewys op ‘n besluit van 1939 dat die prediking by die min kennis van die lidmate aangepas moet word.
Maar die hoofsaak van die besware was, tot 1976, die korrespondensie wat onderhou is tussen die GKSA en die sinodaal Gereformeerde Kerke in Nederland. Daaroor het baie mense gegrief gevoel. Dit het reeds onmiddellik geblyk.

### Ontwikkeling

Die gebeurtenisse wat hierbo kortliks aangedui is, het reeds meer as vyftig jaar gelede plaasgevind. Aanvanklik is wel voorspel dat die VGKSA binne ‘n kort tyd tot niet sou gaan. Dit het nie gebeur nie. Tog lyk die kerke vandag anders as vyftig jaar gelede. Dit is uiteraard begryplik. Die tyd stap aan en ‘n ander geslag het aangetree. Baie van ons huidige lidmate weet nie eers meer van die gebeure rondom die stigting nie. En die naam van br J.C. Jansen het grootliks in die vergetelheid geraak, veral ook deur kerklike spanninge en uiteengaan in 1969.

Die eerste jare veral was vir die VGKSA baie moeilik. Daar was onderlinge verskille as gevolg van te min kerkregtelike insig en onderlinge stryery. Boonop het die groei van die gemeentes plaasgevind deur geboortes en nuwe emigrasie. Daardeur was die gevaar groot dat die VGKSA maar net ‘n Nederlandse enklave was. Dit kon en mog nie so wees nie.
Daar het egter groot veranderinge plaasgevind in die teologiese en kerklike wêreld rondom ons wat ook die eie kerklike lewe nie onberoerd sou laat nie. Teoloë gaan dikwels ook maar saam met die koers waarin “die wetenskap” op ‘n sekere tydstip vaar. Ook in Suid-Afrika, en ook in die tradisioneel Afrikaanse kerke, het ‘n verkeerde insig in die Skrifte by baie posgevat.

Die Skrifte is eerder kultuurhistories as heilshistories gelees. En dit het weer sy neerslag in die praktyk van die kerklike lewe gevind. In die *Kompas* is hieroor reeds baie geskryf. Eenheid met die hoofstroom van die kerke is verder weg as tevore. Moontlik kan daar kontakte met verontrustes gemaak word, maar ook dit gaan moeilik.

Wat is ons taak in hierdie situasie? In 1952 het die kerkraad van Pretoria reeds aan die van Kaapstad geskrywe: *“Zo heeft dan nu ook de kerk te Kaapstad weer een adres en haar eigen plaats. Moge zij nog tot veel zegen zijn, want het is niet uitgesloten dat de Here nog een grote taak voor de kerk der reformatie in dit land heeft weggelegd. Maar het zal op getrouheid aankomen; op onze trouw zullen wij waarschijnlijk nog wel eens worden beproefd”.* Die begin kan aan die vervolg gekoppel word.

Mag die HERE gee dat daardie beproewing deurstaan mag word. Dit vra ons trou. Ons kan ook maar alte maklik saamdrywe met die verkeerde strominge van ons tyd. Laat ons op ons hoede wees en bly by die suiwer verkondiging van die evangelie, ook al sou dit vermindering van getalle meebring.

---

# ‘n Geknakte rank aan die wynstok

## - oor die manier waarop ons met gestremdheid omgaan -

**Ds Erik van Alten**

## *ELDERS GELEES*

**Enkele weke gelede het ek die voorreg gehad om die begrafnisdiens te lei van ‘n gestremde vrou van oor die 50 jaar. Ek was voor haar afsterwe nog by haar in die hospitaal; saam met die familie het ons Psalm 116 gesing – ‘n hartroerende moment. Dit alles het my laat wonder oor die manier waarop ons met gestremdheid omgaan… Hoe kyk ons na mense met ‘n liggaamlike of geestelike gestremdheid?**

Kort daarna het ek afgekom op ‘n pragtige toespraak wat J. Veenstra gelewer het tydens ‘n oueraand van die Gereformeerde basisskool De Rank in Emmen, Nederland (opgeneem in *Nader Bekeken*, Desember 2006). Veenstra begin deur die vraag te stel: Het God net vir Adam en Eva geskápe, terwyl alle mense ná hulle slegs verwek is of ontstaan het? Kom ons luister wat sy antwoord hierop is.

*As ons kies vir die stelling dat, ná die paradys, kinders nie meer deur God geskápe word nie, dan is ‘n hele klomp probleme onmiddellik opgelos. So dink ons. ‘n Kind gebore uit ‘n verkragting? Mense-*

*werk; die goeie God is nie hierby betrokke nie. 'n Gestremde kind? Gene wat ontspoor het, of medisyne wat nie behoorlik getoets is nie. Weer is God nie betrokke nie.*
*Ek verstaan hierdie gedagtes baie goed. Ek onthou nog hoe ek as jongman – ons het pas begin uitgaan – besoek gaan aflê het by 'n niggie in my skoonfamilie. Die meisie was swaar gestremd: gebore met 'n oop rug en 'n waterhoof. Sy is versorg in 'n Rooms-Katolieke inrigting in Drachten. Hoewel ek gemeen het dat ek goed voorbereid was, was die skok groot. So 'n misvormde liggaam. En terselfdertyd so 'n opgewekte karakter. Alreeds die eerste keer het sy my geterg omdat ek verlief was, en omdat sy dit kon sien. In 'n bed daar naby het 'n kind van omtrent vier of vyf jaar gelê. Spierwit, roerloos, die uitdrukkinglose ogies op die plafon gerig. 'n Entjie verder het 'n hopie mens gelê en skreeu en slaan. Nonne in wit togas het soos engele tussen die beddens beweeg en gesprekke gevoer met kinders wat op niks reageer nie. Dae lank kon ek nie van hierdie beelde ontslae raak nie. Verbysterd het ek bly vassteek in my vrae oor die sin en die doel van so 'n bestaan. Hoe kon God toelaat dat sulke kinders gebore word? Is hulle deur Hom geskape? Of: het hulle maar net ontstaan?*

*Elke verstandelike redenering ly hier gebreke. Daar is geen dogma wat 'n verklaring hiervoor gee nie. Ek glo in 'n God wat almagtig is, in 'n God wat nie agter die feite aanloop nie, maar 'n ewige plan het met die lewe van sy kinders.. Die Prediker sê: as ek sien wat onder die son gebeur, dan lyk dit asof tyd en toeval alle mense tref. Maar intussen weet ek dat alles wat God doen, ewig is. Ook Job kom ná al sy opstandige vrae tot die erkenning: ek weet dat niks buite God se mag lê nie, en dat niks vir God onuitvoerbaar is nie.*
*God se almag en wysheid staan aan die begin van elke menselewe, hoe gebroke daardie lewe ook mag wees. Ons kom nêrens nie as ons probeer om met mooi sinne God se ewige, ondeurgrondelike planne verstaanbaar te maak. As daar iets (of baie) by jou kind skort, dan kan mense baie vroom vir jou sê: "Nie alles kom uit God se hand nie, maar alles lê wel in sy hand." Of: "Dit is nie God se wil nie, maar dit is wel God se weg." Mooi woorde, maar waar is die troos? Is jou kind deur God geskape of het Hy maar net vanaf 'n afstand toegekyk? Dit bly dan 'n onbeantwoorde vraag…*

*Daarom het ek Psalm 139 saam met u gelees. Nie omdat hierdie psalm elke vraag beantwoord nie, maar wel jou vrae tot rus bring. Dit is 'n psalm van Dawid. Van die man wat 'n vrou gedwing het om met hom gemeenskap te hê, en wat, teen God se gebooie in, 'n kind verwek het. En wat daarna sewe dae lank op sy knieë gelê het, omdat God die seuntjie opgeëis het en hy die seuntjie nie wou verloor nie. Hierdie man – en dit is baie opvallend – het 'n lofsang geskryf op die God wat aan die begin van elke menselewe staan, ondanks die gebrokenheid daaromheen. In hierdie psalm kom jy volledig in God se hande: van vóór die begin van jou lewe, tot oor die grense van die dood heen.*
*Dit gaan in Psalm 139 baie sterk oor waarvandaan jy kom. Ons lees oor die prille begin van die embrio: "U oë het my ongevormde klomp gesien" (v 16). "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef" (v 13). Die ongebore lewe lê veilig geborge, omsluit deur vrugwater en deur die moeder se liggaam. Die moeder voel haar kind beweeg en lê ontroerd haar hand op haar maag. Vers 5 plaas God skielik in die rol van die aanstaande moeder: "U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my."*
*God word nie onverhoeds betrap wanneer twee mense 'n kind verwek nie. Selfs nie wanneer dit onder dramatiese omstandighede gebeur nie. Die sewe lewensdae van die kind van Dawid en Batseba het al lankal in God se boek gestaan (v16). Want al voor die grondlegging van die wêreld het God sy kinders in liefde uitgekies, sê Paulus. Ek het jou geken voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, sê God vir Jeremia.*
*Ek loof God vir die ontsaglike wonder van my bestaan. En dan gaan dit nie slegs oor die liggaam nie, maar ook oor my unieke persoonlikheid. Immers, saam maak dit my tot die mens wat ek is, en wat deur God geken en bemin word. Vroeër was daar 'n seuntjie wat gereeld by ons gespeel het. Terwyl die kinders gespeel het, het hy skielik op 'n dag gesê: "Ek is 'n ongelukkie." Terwyl ons kinders verbaas na enige letsel gesoek het, het hy verklarend toegevoeg: "Regtig. Dit was nie die plan nie. So sê pappa." Dit is presies wat jou hemelse Vader nooit vir jou sal sê nie: 'n ongelukkie, nie die plan nie. Siekte en sonde trek 'n verwoestende spoor deur die lewe. Maar jy is nie oorgelewer aan noodlot en willekeur nie. God se plan met jou lewe gaan voort ondanks alles wat skort. Of juis: ín alles wat skort.*

*Ons kan iets leer van die nonne wat ek dié keer in die inrigting vir swaar gestremde kinders gesien het. Elke gestremde kind is deur hulle gekoester en aangespreek asof hy 'n bekende Nederlander was. Hoe hanteer óns dit as daar iets skort aan die liggaam, die verstand of die persoonlikheid van 'n kind? Deur die manier waarop ons die gebrek onder woorde bring, verloor ons dikwels perspektief op die waarde van elke mens, sonder onderskeid. Iemand met 'n motoriese blokkade word sommer gou-gou 'spasties' genoem. Om my heen hoor ek ook dikwels van 'outiste' en ander benamings. Asof die persoonlikheid van die kind bepaal word deur sy gebrek; jou waarde reik nie verder as jou beperking nie. Hoe onregverdig, teenoor die kind, maar ook teenoor sy Skepper!*

*Laat ons 'n slag na onsself kyk. Tog ook een groot versameling gebreke? Miskien het u 'n IK van 130, en tegelyk géén sosiale vaardighede nie. Moonlik is jy 'n tegnikus van hoogstaande gehalte, maar met 'n inlewingsvermoë waaraan jou huwelik te gronde gaan. As 'n gebrek die rede is om*



*ter bespreking te stel of God my Skepper kan wees of nie, dan kom niemand van ons uit God se skeppende hand nie. In hierdie gebroke wêreld is ons immers almal gebreklik.*
*Natuurlik is dit moeilik vir ouers om te aanvaar wanneer hul kind 'n opvallende leer- of persoonlikheidsteurnis het. Maar dit gaan altyd oor 'n unieke persoon wat 'n probleem* ***het****, en nie 'n probleem* ***is*** *nie.*

*As ons saam, as ouers en onderwysers, so na ons kinders kyk, bring dit ons miskien ook nader aan mekaar… Kyk maar 'n slag na die afbeelding van die gelykenis van die Ware Wynstok…[sien afbeelding hierlangs]. Op een plek aan die wynstok sien u 'n klein, geknakte rank. "Hiermee wil ek wys dat ook die gebroke lewe by Jesus behoort en daarom 'n plek by hierdie skool verdien", het Christen-kunstenaar Esenkbrink gesê. Ons sou 'n bietjie hieroor moes nadink – die geknakte rank dra net so goed vrugte as die weelderige lote wat op die snoeimes van die wynbouer wag.*
*Laat ons ons moeites met mekaar deel, broers en susters. En ook ons visie op die kind. Want dit is mos nou duidelik! Elke unieke borduursel van ons Skepper, watter onvolmaakthede en besonderhede daar ook mag wees, mag Psalm 139 aanhef:*

***"Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed."***

Is dit nodig om iets ekstra hierby te sê? Laat ons die gestremdes in ons gemeentes en in die samelewing mooi oppas. Só ontvang hulle die liefde wat God vir hulle het, en só kry ons Skepper-God die eer wat Hom toekom.

---

# Op die digitale pad sonder ongelukke

**Heleen Snijder**

*OPVOEDING EN ONDERWYS*

Wat vandag nuut is, is môre weer outyds. Dit geld wel duidelik in die kommunikasiemedia. Eens was die radio en TV nuut. Ontwikkeling hou nooit op nie. By die opvoeding kan ons dit nie ignoreer nie. Kinders moet leer om goed en op 'n gesonde manier met die media om te gaan. Hoërskoolleerders moet bv. gereeld die internet gebruik vir skooltake. Ouers moet daarom standpunt inneem oor watter plek die elektroniese media in die gesin mag inneem.

In hierdie artikel word probeer om riglyne te gee. Daar is drie onderdele van die media wat ek wil behandel, nl. rekenaarspeletjies, die internet en die selfoon.

## 1. Rekenaarspeletjies

Rekenaarspeletjies as sulks is nie altyd verkeerd nie. Dit is 'n verkeerde ingesteldheid om net negatief oor rekenaarspeletjies te praat, want dit kan ook 'n positiewe effek op die ontwikkeling van die kind hê. Daar moet wel 'n balans in die vryetydsbesteding van 'n kind wees. 'n Kind wat net speletjies op die rekenaar sit en speel, is verkeerd besig.

Laat ek 'n paar positiewe invloede van rekenaarspeletjies noem:

- Die oog-handkoördinasie word bevorder.
- Kinders leer om probleemoplossend te dink, bv. speletjies soos *Simcity*.
- Kinders leer spelenderwys om met die rekenaar om te gaan.
- By rekenaarspeletjies behaal 'n mens sukses en dit lei tot selfvertroue. Daarom word rekenaarspeletjies ook in die onderwys gebruik.

- Rekenaarspeletjies bevorder die sosiale aspek. Die meeste kinders verkies dit om saam met iemand in plaas van alleen rekenaarspeletjies te speel.

Negatiewe invloede van rekenaarspeletjies is:

- Baie speletjies het 'n gewelddadige karakter. Dit maak kinders aggressief.
- Die rolverdeling van man en vrou is stereotiep in rekenaarspeletjies. Die man is die superheld en die vrou is supersexy.
- Rekenaarspeletjies verminder die konsentrasievermoë van kinders.
- Kinders wat te veel rekenaarspeletjies speel, beweeg te min. Dit het 'n negatiewe effek op hul persepsuele ontwikkeling.
- Ook het te min beweging 'n negatiewe effek op die liggaamlike gesondheid van die kind.
- Langdurige gebruik van die rekenaar (en dit gebeur wanneer die kind te veel rekenaarspeletjies speel) kan nadelige gevolge vir die oog- en nekspiere hê.

### Hoe moet ons in die gesin met rekenaarspeletjies omgaan?

Wees krities met die keuse van die speletjies wat gespeel word. Vir my is die tien gebooie 'n goeie maatstaf. Speletjies met moord en doodslag is verkeerd, want die sesde gebod sê jy mag nie doodslaan nie. Kyk ook krities na die hoeveelheid tyd wat 'n kind aan rekenaarspeletjies bestee. 'n Tydsbeperking kan baie goed werk. Indien moontlik moet die rekenaar op 'n plek staan waar jy as ouer kan sien wat op die rekenaar gedoen word. So kan jy sien waarmee jou kind besig is en, indien nodig, ingryp. Daar kan

speletjies van die internet afgelaai word. Dit beteken dat kinders toegang het tot enige speletjie sonder dat dit hulle geld kos.

### 2. Die Internet

Ons as ouers moet standpunt inneem oor die gebruik van die internet. Kinders moet geleer word om met die internet om te gaan. Laerskoolleerders kan die internet gebruik om inligting vir take te soek. Hoërskoolleerders moet portefeulje-opdragte doen. Hiervoor moet hulle inligting op die internet soek en uit die inligting die regte gevolgtrekkings maak en neerskryf. Dit is belangrik dat hulle dit leer, want in die beroepswêreld moet hulle dit ook doen.

Die internet verskaf 'n magdom inligting wat nie altyd betroubaar is nie. Toe die boekdrukkuns uitgevind is, het mense geglo dat alles wat op papier gedruk staan, waar is. Dit is waar die Nederlandse uitdrukking "lieg of dit gedruk staan" vandaan kom. Ons is vandag ook maar geneig om alles wat in die koerant staan, te glo. "Dit het mos in die koerant gestaan!" Tog is nie alles wat in die koerant staan, waar nie, vandaar die nuwere gesegde: "papier is geduldig". So is dit ook met die internet. Ons is geneig om alles te glo wat die internet bied. Daarom moet ons ons kinders leer om krities met inligting op die internet om te gaan. Hulle moet leer watter inligting waar is en watter inligting nuttig is. Gaan sit rustig met jou kind wat 'n taak moet maak, en soek saam inligting op die internet. Dit is die enigste manier waarop 'n kind leer. Dan sal jy self ook agterkom dat dit nie altyd maklik is om inligting te soek nie. Om die regte kernwoord te kan intik, het jy alreeds 'n bietjie kennis van die onderwerp nodig.

Behalwe inligting wat leerders vir take nodig het, kan 'n mens ook ander inligting op die internet kry. 'n Mens kan ure "surf" sonder om verveeld te raak. Net soos dit nie gesond is om ure lank rekenaarspeletjies te speel nie, is dit ook nie gesond om ure op die internet te "surf" nie. Let wel, daar kan speletjies van die internet afgelaai word. Sorg dat julle as ouers weet wat jul kinders doen.

'n Ander tameletjie met betrekking tot die internet is pornografie. Om pornografie te bekyk, is sonde teen die vyfde gebod: "Jy mag nie egbreek nie". 'n Filter op jou rekenaar kan hierdie probleem oplos. Die filter sorg dat daar bv. geen pornografie en "sites" waarop God se Naam ydellik gebruik word, verskyn nie. Dan is jy seker jou kinders is beskerm teen hierdie invloede. As daar meerdere rekenaars op dieselfde netwerk is, benodig elke rekenaar sy eie filter. By die huis is daar dus verskeie maniere om voorsorg te tref, maar jou kind kan dalk by maats of by 'n internetkafee met slegte "sites" in aanraking kom. Probeer om altyd 'n oop verhouding met jou kinders te hê, sodat jy dit kan agterkom en daaroor kan praat.

### "Chat"

Jongmense is mal daaroor om te "chat". Vir ure aanmekaar. Met 'n selfoon en op die internet. Dit lyk baie onskuldig, maar tog moet ouers bedag wees op die gedurige rondstuur van sms'e.
In die ontwikkelingsfase van 'n tiener is dit nie vreemd om eensaam te voel nie. Tieners raak minder oop in hulle persoonlike verhoudings. Om dan te kan "chat" is heerlik! Jy praat op 'n onpersoonlike manier met ander oor persoonlike sake. Die "chatter" kan selfs 'n onbekende wees. Die gevaar is dan dat normale verhoudings tusssen ouers, broers, susters en maats daaronder ly. Tieners het, as gevolg van die "chat" met ander, al hoe minder behoefte aan persoonlike verhoudings, want hy kry bevrediging uit sy "chat". As 'n tieners dus heeldag "chat", kan sy/haar verhouding met die ouers ernstig daaronder ly. Dit mag nie gebeur nie.

Stel daarom streng reëls daar wat die tiener en sy verhouding met sy ouers beskerm, soos;

- tydsbeperking,
- keuse van met wie hulle "chat",
- mag nie met vreemdes "chat" nie,
- mag nie ingaan op sms'e van onbekendes nie,
- mag nie in geselskap "chat" nie, ens.

Wat ook baie belangrik is en deel uitmaak van die reëls, is die volgende:

- om nooit jou persoonlike gegewens aan 'n onbekende deur te gee nie!
- 'n Tydsbeperking kan vir tieners 'n probleem wees. Wat moet hulle dan al die tyd doen? Moedig tieners aan om met 'n sport of 'n stokperdjie te begin. Dan het hulle nie meer tyd om te "chat" nie; dit het in die algemeen 'n positiewe invloed op die tiener se humeur!

**3. Selfoon**

'n Selfoon is 'n handige ding. As jou seun vroeg in die oggend koerante aflewer en hy tel probleme op met sy fiets, is hulp vir hom net 'n "please call me" ver. Of hy bel jou omdat hy sy knie tydens sokker beseer het en nou op pad hospitaal toe is. As jou motor gebreek het, kan jy tenminste die AA bel, sodat 'n insleepdiens jou kan kom optel. Vir verbale kommunikasie is die selfoon beslis handig. Maar 'n selfoon is meer as net 'n telefoon. Vandag se selfoon het 'n dagboek, 'n kamera, internetverbinding, e-pos, ens. Vir die sakeman heerlik. Dit maak nie saak waar hy is nie, hy kan notule maak, afsprake maak, inligting op die internet soek, e-posse verstuur, ensovoorts. Dit werk tydsbesparend en is dus positief.

Maar ons tieners het ook hierdie selfone. Watter nut het die filter op ons rekenaar by die huis dan nog, as die tiener op sy selfoon toegang het tot dieselfde pornografiese "sites"? Daar was al gereeld berigte in die koerant van pornografiese foto's en video's wat tieners met hulle selfone maak en vir mekaar stuur. Selfone gee die duiwel baie geleenthede om ons en ons tieners van God af te trek. Ons moet dit besef en dit vir ons tieners uitwys. Daarom moet ons 'n oop verhouding met ons tieners hê. Hierdie verhouding mag nie vernietig word deurdat hulle die hele dag "chat" nie. Wees wat dit betref streng met hulle. Probeer om uit te vind waarmee jou tiener hom besig hou. Sorg dat jou tiener 'n sinvolle vryetydsbesteding het.

Dit is duidelik dat daar reëls gestel moet word by die gebruik van rekenaarspeletjies, die internet en selfone om die tiener teen slegte invloede te beskerm. In 'n gesin is die een kind meer verantwoordelik as die ander kind. Dit kan gebeur dat jy vir die een kind strenger reëls moet stel as vir die ander. Ouers ken immers hulle kinders en is deeglik bewus van wat die een kind wel en die ander nie kan hanteer nie. Daarvolgens stel ons reëls vas. Nie tot nadeel van die een bo die ander nie. Hoewel kinders hierdie stelsel moeilik verstaan, is dit tog vir elkeen op sy manier ten goede. Daarom moet reëls streng gehandhaaf word. Kinders gaan probeer om reëls te buig, en ouers kan soms sag raak en reëls aanpas. Onthou egter altyd: om te hou by 'n reël is vir beide partye gerusstellend en gee 'n gevoel van samehorigheid. Laat die kind dan maar kla, moet net nie die reëls in sy guns verander nie. Dit is vir sy eie beswil, ook al besef hy of sy dit nie.

Sterkte toegewens op die digitale pad!

---

**Die tema's wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:**

**April : Lydensfees**
**Mei : Pinkster en Hemelvaart**

# Die Heilige Gees en ons toekomsverwagting

**Gert Klapwijk**

## *LEER EN LEWE*

Dit is opmerklik hoe baie skrywers oor die Heilige Gees vashaak by 'n debat oor die vernuwing in die kerk, die spreek in tonge en tale en die vervelige karakter van ons eredienste. Dit vorm na my mening 'n té eng beeld van die werk van die Heilige Gees. Die werk van die Heilige Gees begin reeds by die skepping, is aktief in die Ou-Testamentiese Israel asook in die Nuwe Testament en dit sluit aan by die verlossingswerk van Jesus Christus. In hierdie artikel sal ek probeer aantoon hoe wonderlik God vir ons is, hoe Hy in sy Woord na ons toe kom. En hoe Hy ons troos en perspektief gee vir die toekoms.

### Die Heilige Gees in die Ou Testament

Wanneer ons van die Heilige Gees praat, dink ons baie keer aan die Nuwe-Testamentiese bedeling wat op die Pinksterdag begin het. Ons moet egter onthou dat die Heilige Gees baie vroeër, reeds in die Ou Testament, aktief was. Ons noem enkele voorbeelde:

- Genesis 1:2 – Heel in die begin van die Bybel voor die skepping lees ons: *"en die Gees van God het gesweef op die waters"*. Dit was niemand anders as die Heilige Gees nie. Hy is aktief in die werk van God met sy kinders. Maar Hy werk ook aktief in die hele skepping.
- Rigters 14:6 – *"Maar die Gees van die HERE het oor hom* (=Simson) *vaardig geword"*. Deur die krag van die Heilige Gees kan Simson wonderlike verlossing vir die volk bewerk. Tog is dit nie van blywende aard nie; Simson val steeds weer in sonde. Vervul met die Heilige Gees was Simson sterk, maar vervul met sy eie sondige begeertes was hy swak, blind en vasgebind. Tog behou hy sy ereplek onder die geloofshelde (Hebr. 11:32).
- I Samuel 10:6 – Wanneer Saul as koning oor Israel gesalf word, sê Samuel vir hom: *"En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer…"*. Profeteer beteken die uitdra van die Woord van God; evangelieverkondiging. Wanneer Saul egter God se Woord verag, word hy verwerp, omdat hy nie wandel volgens God se gebooie nie (I Sam 13:14). Dan lees ons in I Sam 16:14 : *"Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk"*. Saul wend hom tot die geeste van afgestorwenes in plaas van die Heilige Gees. Sy ondergang en einde volg spoedig daarna.
- Psalm 51:13 – Die Psalm wat Dawid geskryf het ná sy sonde met Batseba. Hy pleit by die Here: *"en neem u Heilige Gees nie van my weg nie"*. As koning was Dawid 'n man na God se hart, maar ook hy moet homself onderwerp aan God se Woord. Met die moord op Uria en owerspel met Batseba verlaat hy die weg van God. Maar hy bid opreg om vergewing en God skenk dit ook. Dawid besef dat hy nie kan lewe sonder die Heilige Gees nie, daarom pleit hy in vers 13.
- Jesaja 59:21 – *"My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie"*. Wat 'n heerlike belofte! Die Heilige Gees maak die mens gewillig, sodat hy in nuwe gehoorsaamheid wandel. Natuurlik met gebreke, maar eendag volmaak. Hy leer ons verlang na die ewige lewe.

### Die Heilige Gees en Jesus Christus

Die werk van die Heilige Gees begin nie eers wanneer Hy in die openbaar op die Pinksterdag uitgestort word nie. Hy is baie aktief betrokke by Jesus Christus se verlossingswerk op aarde. Let maar op:

- Lukas 1:35 – Die engel sê aan Maria: *"Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu"*. Die maagdelike geboorte van Jesus Christus bly 'n wonder, bewerk deur die Heilige Gees onder die beskerming van God die Vader. Die krag van die Allerhoogste is die werklike herkoms van Jesus. Hy is een met God en die Heilige Gees.
- Lukas 2:40 – *"En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom"*. Die leiding van God oor Jesus Christus se ontvangenis gaan verder. Ook in sy jeugjare word Hy begelei deur die Heilige Gees. So word die Seun van God voorberei vir sy latere openbare optrede.
- Lukas 3:16 - *"Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek ... - Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"*. Johannes doop met water; 'n uiterlike teken. Die innerlike reiniging kan hy nie bewerkstellig nie. Jesus Christus, die Sterke, kan die innerlike reiniging bewerk deur die Heilige Gees. Hy stort sy Gees oor hulle uit.
- Lukas 4:1 – Jesus Christus word deur die Gees in die woestyn gelei, sodat Hy deur die satan versoek kan word. Die Heilige Gees wat by die doop sigbaar op Jesus Christus neergedaal het, vul sy hele lewe en lei Hom op die pad wat God vir Hom bepaal het.
- Johannes 3:5 – Jesus Christus sê vir Nikodemus: *"…as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie"*. Die enigste weg tot die Koninkryk is die

wedergeboorte wat deur die Heilige Gees bewerk word. Daarin bly die mens passief. Dit is die werk van die Heilige Gees in die hart van die mens.
- Johannes 16:7–11 is ‘n wonderlike troos vir Jesus se dissipels. Hulle is hartseer omdat Jesus Christus hulle gaan verlaat. Hy laat hulle alleen in ‘n vyandige wêreld. Maar dan verduidelik die Here dat Hy móét weggaan. Anders kan sy verlossingswerk nie plaasvind nie. En in sy plek stuur Hy die Heilige Gees, die Trooster wat die harte van baie mense sal vernuwe. Kyk maar wat gebeur op die Pinksterdag; Petrus, ’n eenvoudige visserman, getuig van God se wonderdade, en 3000 lidmate word toegevoeg.

## Die Heilige Gees in die Nuwe Testament

Die werk van die Heilige Gees gaan voort na Jesus Christus se hemelvaart. In Handelinge 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. En daarna lees ons in die apostoliese briewe hoe Hy funksioneer:

- vermaan en leer (Joh. 14:26)
- wys die weg tot die volle waarheid = Jesus Christus (Joh. 16:13&14, I Kor. 12:3)
- oortuig van sonde (Joh. 16:8)
- bewerk die heiligmaking (Gal. 5:22)
- bewerk die wedergeboorte (Joh. 3:3–8)
- gee moed om van die Here Jesus Christus te getuig (Joh. 15:26&27)
- is ons Leidsman (Gal. 5:18)
- help ons om te bid (Rom. 8:26)

Hierdie lys kan maklik baie langer gemaak word. Die gevaar is egter dat ons teksgedeeltes uit verband aanhaal. Tog is dit goed om deur middel van hierdie tekste ‘n idee te kry van die allesomvattende taak van die Heilige Gees (Heidelb. Kat. Vr. & Antw. 53, NGB Artikel 11).
‘n Baie bekende teks in die Nuwe Testament is Romeine 8:14&15 – *“...julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!”* Elkeen wat deur die Gees van God gelei word, is ‘n kind van God. Ons het nie ontvang ‘n gees van slawerny om te vrees nie, maar ons het ontvang die Gees van aanneming tot kinders. Dit is deur die Gees dat ons roep “Abba, Vader!” Niemand kan in Christus glo of die Vader ken sonder die werking van die Heilige Gees nie.

## Die Heilige Gees en ons toekomsverwagting

Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte. En wat is geloof? Die geloof word in ons harte gewerk deur die Heilige Gees, van die begin (die wedergeboorte) tot die einde (ewige saligheid saam met Christus). Dit verklaar ook waarom die sonde teen die Heilige Gees nie vergewe kan word nie. Sonde teen die Heilige Gees is die totale weiering van die werk van die Heilige Gees. Geen Heilige Gees, dan ook geen geloof nie, geen vergewing van sondes nie, geen toekomsverwagting van die ewige lewe nie.

Die teenoorgestelde is gelukkig ook waar. Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte sodat ons die verlossingswerk van Jesus Christus aanneem. En so mag ons ‘n heerlike toekoms verwag. Ons bely tog by elke Nagmaal dat ons met groot verlange uitsien na Christus se wederkoms. Maar is dit so in die praktyk van elke dag? Leef ons werklik by die besef dat die Here vandag of môre kan terugkom? Is dit vir ons nie alte lekker op aarde nie? Maar wat dan van ons roeping op aarde? Ons leef en werk tog hier? God het ons tog hier geplaas?

‘n Lewende geloof groei, dit hou nooit op nie. Dit dra vrug. Watter vrugte? Die vrugte van die Heilige Gees; Gal. 5:22 – *“...liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing”.* Val dit u op dat hierdie vrugte gefokus is op ander mense? Vervul met die Heilige Gees beteken nie vol van jouself wees nie.

Die Heilige Gees is slegs eenmaal uitgestort op Pinksterdag. Maar om vervul te wees met die Heilige Gees is ‘n opdrag wat bly uitgaan; dit is nie slegs ‘n eenmalige gebeurtenis nie. Dit is herhaaldelik en lewenslank vir alle kinders van God. Wanneer jy vol angs is, vol twyfel, vol bitterheid, vol boosheid, vol van die plesier van hierdie wêreld, vol van die verbode dinge waarmee jy nie wil breek nie, dan is daar nie plek vir die Heilige Gees nie. Die “vervul word met die Heilige Gees” staan nooit alleen nie, dit is deel van ons daaglikse lewe in diens van die Here. Bid daarom die Gees dat Hy in jou hart werk sodat jy vol kan word met die vrugte van die Gees. Uit jouself kan jy dit nie doen nie, want van nature is ons ongehoorsaam en wederstrewig.

In Efesiërs 4:30 lees ons: *“...deur wie* (= die heilige Gees) *julle verseël is tot die dag van verlossing”.* Niks kan ons skei van die liefde van God nie. Ons is erfgename van die ewige lewe. Dit gee sekerheid. Dan mag jy saam met die opstellers van die Kategismus bely dat jy aan Christus behoort *(Antw 1).* Wat ‘n troos! Die Heilige Gees beheers jou lewe sodanig dat dit ‘n lus word om vir die Here te lewe. Dit gee ook vrede. Veral in moeilike tye wanneer dit voel asof almal jou verlaat het, dan is die Here daar.

Die hoogtepunt van ons toekomsverwagting lees ons in die laaste Bybelboek. Dit begin reeds op die eerste bladsy van die Bybel waar die Gees van God oor die waters sweef, en eindig op die laaste bladsy , waar daar staan: *“En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.”* (Openb. 22:17). Wat ‘n treffende woorde! Dit is ‘n vurige gebed waartoe die bruid, die kerk, deur die Heilige Gees beweeg word. Die Gees en die bruid werk altyd saam. Let op die teenswoordige tydvorm wat hier gebruik word. Hulle sê gedurig: Kom! Dit beteken: voer u plan uit in die geskiedenis met die oog op u koms. En wat antwoord die Here dan? *“Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!”*

*(Die artikel is ‘n verwerking van die referaat wat tydens die Jeugkongres 2006 gelewer is).*

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

# Boekenuus

- **De Bruyn, P J: Die Tien gebooie**
  Verskeie etiese vraagstukke word aan die hand van die Tien Gebooie en in die lig van die Skrif as geheel beoordeel. In hoofstuk een word gekyk na die vraag: Wat is Etiek? Hoofstuk twee bied ons 'n agtergrond oor die ontstaan van die dekaloog; "Die Wet van die HERE"; Karakter van die Tien gooie en ook iets oor die seremoniële wette. In die daaropvolgende hoofstukke word elk van die tien gebooie behandel en verskeie etiese vraagstukke bespreek. Okkultisme en Satanisme; Die New Age beweging; Lotery; Noodsaaklike Sondagarbeid; Sondagsport; Oorlog; Orgaanoorplanting; Padveiligheid; Seksualitiet; Rykdom en armoede en nog vele meer. Publikasie van die Noordwes–Universitiet, Potschefstroom.
  (290 bladsye – R132)

- **Van Rongen, G: Met al de heiligen. Liturgie in Hemel en op Aarde I/II; III**
  Die eerste boek bevat twee dele. In deel 1 – *In hemel en op aarde* – bespreek die outeur die bybelse gegewens aangaande die liturgie. Hy lê veral die klem daarop dat die gemeente van Christus hier op aarde nou reeds saam met **al** die heiliges, ook dié wat reeds by die Here is, gemeenskap in die liturgie beleef. In deel 2 – *De kerk der eeuwen* – vind ons 'n waardevolle oorsig van die litugie deur die eeue. In die tweede boek vind ons deel 3 – *'Zijn gemeenschap: de gereformeerde liturgie'* – hier trek Van Rongen die lyn verder na meer onlangse diskussies oor die liturgie. Elke element van die erediens word deeglik bespreek.
  ( I/II 206 bladsye – R 152; III 172 bladsye – R150)

- **d'Assonville, V E: Die gereformeerde doopsformulier**
  Hierdie boekie gee 'n eenvoudige maar tog indringende uitleg van die gereformeerde doopsformulier. Geskik vir die hele gemeente, nie net vir doopouers nie. In die voorwoord vind ons 'n aanhaling van J A Wormser (1853): "Leer dan der natie haren doop verstaan en waardeeren,
  - en Kerk en Staat zijn gered"
  (114 bladsye – R 20)

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

- **Van Bekkum, K (red): Toekomst voor de gereformeerde traditie**
  Koert van Bekkum is adjunk-hoofredakteur van die Nederlands Dagblad. In Mei 2004 is daar 'n kongres deur hierdie koerant belê met as onderwerp: " De toekomst van de gereformeerde manier van geloven in Nederland". Deur verskeie outeurs word onderwerpe soos 'Gereformeerd en menslijk; Hoera voor het leven! Calvinistische levenskunst; Het taaie Calvinisme?; Einde van het gereformeerde christendom in zicht?' bespreek.
  (124 bladsye – R 135)

- **Klapwijk, Jasper: Gelukkig gereformeerd!**
  Sien boekbespreking elders in hierdie blad.
  (voorraad is bestel – prys ongeveer R 90)

# Gelukkig Gereformeerd!

- Jasper Klapwijk – De Vuurbaak, 2006

**Petro Drijfhout**

*BOEKBESPREKING*

Gelukkig gereformeerd! Nogal met ‘n uitroepteken. En dit in ‘n tyd waarin gereformeerd wees as ’n tradisie afgemaak word. Mense is skaam om te erken dat hulle gereformeerd is. Die “jammer dat ek leef”-houding van gereformeerdes het ds Jasper Klapwijk opgeval toe hy na 15 jaar sendingwerk in Curacao terug is na Nederland.

Ds Klapwijk, predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) in Winsum, sê **tong in die kies** dat die kerke hul, in die tyd van sy vertrek na Curacao, in die nadraai van die “ons-is-die-ware-kerk-houding” bevind het. Die kerklike lewe was styf en na binne gerig. Dit het hom baie gepla, sodat hy aanvanklik na die voltooiing van sy studie nie in die amp wou dien nie. So het hy in die sending beland.

In Curacao was hy sendeling en voorganger van ‘n baie klein kerkgemeenskap. Op Curacao is almal “gelowig”. Die meeste is Rooms-Katoliek, of beter gesê: gedoop in die Rooms-Katolieke kerk. Daar is ook talle evangeliese en pinkstergemeentes. In so ‘n omgewing, sê ds Klapwijk, ontdek jy hoe belangrik dit is om duidelik (glashelder) te wees oor wat jy glo. Om te kan verduidelik waar jou geloof verskil van wat in die Rooms-Katolieke of evangeliese kerke geleer word. ‘n Beslissende leerskool en tydperk in hierdie jong predikant se lewe.

In gesprek met mense met ‘n totaal ander agtergrond, leer hy waaroor dit in die gereformeerde belydenis gaan en hoe ongelooflik ryk dit is om gereformeerd te wees. Op Curacao het hy die “meerwaarde” van die gereformeerde leer en denke ontdek.

Terug in Nederland in 2003 het die geestelike klimaat in sy “eie” kerke sterk verander. ‘n Ommeswaai, totaal anders as wat hy self ervaar het. Mense is nie bly met die gereformeerde tradisie nie, terwyl hyself juis dit op Curacoa leer waardeer het. Tot sy verbasing ontdek hy dat talle ortodoks-gereformeerdes hulle kerk verruil het vir evangeliese gemeentes. Die “oop” benadering van die laaste jare het inteendeel nie gelei het tot ‘n blymoedige, missionêre gereformeerde uitstraling nie.

Na vyftien jaar op die sendingsterrein het hy bra vreemd gevoel op die tuisfront. Waaroor moet hy preek? Preke oor die grondbeginsels van die geloof het reaksies van verbasing uitgelok. So al of mense nog nooit daarvan gehoor het nie. Preke met as kern dat ons geregverdig word uit genade, alleen deur die werk van Christus. ‘n Boodskap so uit die hart van die Heidelbergse Kategismus. Gou het die vraag by hom opgekom: “Ken ons as gereformeerdes nog die rykdom van ons eie boodskap?”

Hy organiseer dan ook ‘n gemeentekursus onder die tema: “Wat is gereformeerd?” Hierdie kursus is onder die seënende hand van die HERE by verskeie gemeentes herhaal, met as uitvloeisel daarvan die boekie: “Gelukkig gereformeerd!”

Hy vertel van sy herontdekking van die inspirerende identiteit van die gereformeerde geloof. Hy doen dit aan die hand van die vyf *sola*’s wat ook tydens die Reformasie herontdek is:

- sola gratia - - - - deur genade **alleen**
- sola fide - - - - deur die geloof **alleen**
- sola Scriptura - - - - die Bybel **alleen**
- solus Christus - - - - Christus **alleen**
- soli Deo gloria - - - - aan God **alleen** die eer

**Deur genade alleen**. Dikwels kry ‘n mens die uitspraak: “Jy is eers goed gereformeerd as jy dit of dat doen of nie doen nie…” Maar dit is verkeerd. Ons ontvang nie net vergewing van sondes nie, maar ook ‘n nuwe lewe in en met Christus. Ons nuwe lewe, ons goeie werke, is die resultaat van **Sy werk in ons**! Sola gratia! Ds Klapwijk kies dan ook bewustelik daarvoor om op hierdie stadium van die kursus te praat oor sondebesef. Aan die hand van die Heidelbergse Kategismus se indeling van ellende, verlossing en dankbaarheid verduidelik hy dat ons eers opgewonde oor ons verlossing kan word, indien ons besef van watter straf ons verlos is. Luther stel dit baie kort: simul iustus et peccator (ek is tegelyk regverdig en sondig).

**Deur geloof alleen**. Efesiërs 2:8 : "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God." Ons moet dus iets doen? Glo? Maar Paulus help ons uit die droom, "nie uit onsself nie", dus ook dit is 'n gawe van God. Klapwijk gee die volgende raad : praat nooit oor jou eie geloof nie, maar oor die HERE en wat Hy jou gee. Van ons word geloof gevra, maar geloof is ook dit wat die Heilige Gees in ons hart werk.

Bostaande weet ons alleen uit die Skrif. **Sola Scriptura**. Elke Bybelteks is deur God geïnspireer (2 Tim. 3:16). God Self praat met ons deur sy Gees en gebruik daarvoor 'n dik Boek. Op hierdie manier wil Hy deur sy Gees in ons die geloof werk. Op hierdie manier wil Hy ons leer hoe om vir Hom te lewe. Hy wil ons bereik deur sy Woord en dit vra inspanning, studie van ons kant. Lees ons die hele Bybel of beperk ons dit tot dit wat ons aanstaan? Is ons Bybels nog dik of het dit 'n ou dun boekie van los tekste geword? Of lees ons slegs sogenaamde dagboekies waardeur ons God deur die filter van 'n ander lees? Sola Scriptura, maar ook **tota Scriptura**, die hele Skrif!

In die tweede gedeelte van die boek (kursus) lê Klapwijk dan ook die klem op die manier waarop ons die Bybel lees. Dat gereformeerdes dit op ander manier doen as byvoorbeeld die pinkstergroepe! Dit het hy agtergekom toe hy gevra is om Bybellesse by 'n Pinksterbybelskool aan te bied. Waaroor moet die lesse gaan, het hy gevra? Begin maar by Genesis! Dit kan volgens hulle nie veel kwaad aanrig nie. Maar al gou kom hy by Genesis 3:15. Die moederbelofte. "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad". 'n Sentrale teks in die gereformeerde tradisie, maar 'n **eye-opener** vir die studente. Gou het aan die lig gekom dat die gereformeerde dosent wat trou by die Bybelteks hou, totaal iets anders leer as die teologie van die Pinksterbybelskool. Hy leer dat die Bybel nie maar 'n bondel los tekste is nie, maar dat daar 'n duidelike lyn vanaf die eerste teks van die Bybel tot die laaste een is. Genesis 3:15 vat hierdie lyn saam en in hierdie belofte is alle verdere beloftes saamgevat. Die twee partye waaroor die moederbelofte praat, is deur die hele Bybel sigbaar. Aan die een kant die mense wat hulle teen God versit en sonder Hom lewe en aan die ander kant die mense wat by/aan God (be)hoort en wat **sy volk** is. Hierdie stryd tussen die twee partye is nog steeds aktueel. Jy behoort tot die nageslag van die slang of tot die nageslag van die vrou. Indien jy die Bybel so lees, dan sien jy nie alleen dat hierdie stryd op alle terreine van die lewe afspeel nie, maar jy leer ook om die styl van die slang en dié van die vrou te herken en te onderskei. 'n Duidelike spieël om jou eie lewe aan te toets.

Wie die Bybel so lees, begin ook sien hoe sterk die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament is. Natuurlik is daar verskillende fases, maar dit gaan in die hele Bybel om God se volk, die saad van die vrou. Klapwijk vat dit so saam: "Die Bybel ken **een** verhaal: die verhaal van verlossing, en **een** hoofkarakter: die Verlosser, Jesus Christus. Bybellees het gevolglik alles met jouself te make: as jy glo, mag jy weet dat dit ook die geskiedenis van jou verlossing is." Indien jy besef dat jy in dieselfde stryd gewikkel is as die Israeliete in die tyd van die Ou Testament, en ook in dieselfde verbond met God opgeneem is, dan kry die ou verhale 'n diepere en meer direkte betekenis.

Indien jy op een lyn staan met God se volk in die Ou Testament, dan kan jy ook al die Psalms vandag nog sing. Ook die wraakpsalms oor God se vyande, want jy verlang dan ook na die oomblik dat God met sy oordeel kom oor al die onreg en goddeloosheid!
Natuurlik raak ds Klapwijk ook **die kinderdoop** aan. Hoe dan anders indien 'n mens met pinkstergroepe wat die grootdoop voorstaan, in aanraking kom. Onderstaande skets is nogal duidelik.
Ds Klapwijk spreek die hoop uit dat hierdie boek die besef sal laat posvat dat dit "gaaf" is om gereformeerd te wees. Soli Deo Gloria!

| Ou Testament | Nuwe Testament |
|---|---|
| ▪ God sluit sy verbond met Abraham en sy kinders | ▪ God sluit sy verbond met gelowiges en hulle kinders |
| ▪ Beloftes wys na Christus | ▪ In Christus is alles beloof |
| ▪ Geloof gevra | ▪ Geloof gevra |
| ▪ Besnydenis teken van die verbond | ▪ Doop teken van die verbond |

Reaksies op die boek is uiteenlopend. Een resensent noem die gereformeerde manier (heilshistories) van Bybellees tyd- en kultuurgebonde. Ek wil nie 'n teologiese beoordeling van die boek gee nie. Sy populêre manier van skryf klink vreemd op die oor en miskien kom sy punte daarom nie altyd ewe sterk na vore nie. En volgens sommiges sal die boek daarom nie 'n groot impak hê nie. Neem en lees dit self: Tolle lege!!

# Reaksie op “Dominokrasie”

## Oorsake en oplossings

**Dr Hannes Breytenbach**

*BRIEWE VAN LESERS*

Na aaleiding van Hans Moes (*Kompas* JG 15, no 10, Okt 2006, p. 22 e.v.) en Jan Meijer (*Kompas* JG 16, no 1, Des 2006/Jan 2007, p. 22 e.v.):

‘n Verkeerde grondhouding van predikante ten opsigte van hulle amp en plek in die kerk is die kernprobleem van dominokrasie. Hierdie verkeerde grondhouding om te wil heers in plaas van dienend te lei deur die gemeente met die Woord te onderrig, kan hand-uit ruk waar die nodige Skrifkennis en vrymoedigheid om sake met ‘n predikant op te neem, by gemeentelede en selfs ook by mede-ampsdraers ontbreek.

In die geskiedenis van die “vrygemaakte” kerke in Nederland in die vyftiger- en sestiger-jare van die vorige eeu, het sommige predikante ‘n heersende rol in hulle kerkrade en gemeentes, en soms ook in die klassis, gespeel. Predikante soos ds H Eenhoorn en ook ds B Telder het valse leer gepropageer, en hul kerkrade kon nie in die eerste geval (deurdat die klassis nie hul plig nagekom het nie) en wou nie in die tweede geval hulle keer nie. Kenmerkend van hierdie en ander predikante was ‘n sterk indiwidualisme, ‘n drang na teologiese onafhanklikheid en ‘n kerklike independentisme. Die beginsel van kerkverband self is deur die predikante en onverskillige kerkrade en kerkvergaderings beïnvloed en aangeval.

Die dominokrasie word eerstens sigbaar in die leidinggewing aan die kerkraad en plaaslike gemeente, in publikasies en adviese van predikante, en nie op meerdere vergaderings nie. Dit het niks te maak met die persentasieverdeling van predikante en ouderlinge as afgevaardigdes op meerdere vergaderings nie. Dominokrasie spoel van die plaaslike kerk oor na die kerkverband. In die kerkraad is daar tog meer ouderlinge as predikante?



Daarteenoor is die voortgang van die evangelie in die eenheid van die geloof die hart van standhoudende en voortgaande kerklike gemeenskap. Hoe word dit bewerk? Deur saam te staan as broeders onder een Here, Jesus Christus, een in geloof, en saam verantwoordelikheid te aanvaar vir die uitbreiding van die evangelie. In die gereformeerde kerkorde aanvaar kerke saam verantwoordelikheid vir die verkondiging van die evangelie. Daarom is daar spesifieke afsprake oor die ondersoek, beroeping, opsig oor, en afsetting van predikante. Dit word duidelik genoeg gereël en op Skrifbeginsels gebou.

Die geskiedenis van die Reformasie mag nie die norm wees vir ons kerklike samelewing nie, maar alleen die Skrif. Maar in die geskiedenis van die Reformasie is daar mooi voorbeelde van hoe die predikante onder opsig gehou is, hoe hulle ondersteun is, hoe die gemeentes afsonderlik hierin gehelp is, en hoe die kerklike saamlewe mekaar gehelp het sonder om van die kerkorde ‘n onbuigbare vorm te maak.

Uit notule van kerkraads- en meerdere vergaderings in die Nederlande blyk dit dat die gereformeerde lewe soepel en in vorme wat duidelik die konteks en situasie verreken het, uitgegroei het. Soms was daar op ‘n meerdere vergadering een ouderling teenwoordig, soms geen ampsdraers nie, maar alleen gemeentelede wat deur die kerk afgevaardig is na die meerdere vergadering, soms was dit alleen die predikant en dan nog sonder ‘n geloofsbrief. ‘n Predikant en ‘n ouderling word afgevaardig, so was dit deur die kerke saam afgespreek in die Kerkorde, en daarna is gestreef, maar die saak van die evangelie het buigbaarheid in besondere omstandighede toegelaat.

Sterker gemeentes soos Amsterdam het, veral in die leerstryd teen die Remonstrante begin sewentiende eeu, dit vir die swakker gemeentes opgeneem en hulle selfs met leenpredikante uitgehelp. Verder het predikante mekaar driemaandeliks by die klassisvergaderings gehelp, deur ‘n preek van een te bespreek, in diepte op die eksegese in te gaan en navraag te doen oor die hoeveelheid studietyd en leeswerk wat ingesit word in die maak van preke. Predikante met swak biblioteke en wat te min tyd aan studie spandeer het, is aangespreek. Predikante met eiesinnige beskouings is tereggewys. Predikante wat nie hulle gemeentes met stigting gedien het nie, is selfs uit die diens gestel.

**Eienaar en uitgewer:**
***Stigting Woord en Wandel***
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. 012 332 0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

**Drukker:**
Printburo
Tel. 012 335 9134

**Redaksie:**
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

**Redaksieadres:**
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel 021 919 5176

**Nederland:**
Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

**Administrasie:**
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

**Elektroniese betalings:**
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
***Vermeld asb u naam en lidnommer***

**Intekengelde (per jaar):**

| | | |
|---|---|---|
| E-pos | RSA | R40 |
| | Buiteland | €10 |
| RSA | per hand | R90 |
| | per pos | R100 |
| Buiteland: | | |
| | Seepos | €30 |
| | Lugpos | €40 |

Vrae vir ons eie situasie: Is daar *genoeg* broederlike sorg en ondersteuning van predikante (insluitend sendelinge) vir mekaar? Maak ons *genoeg* erns met die belangrikheid van verantwoorde gereformeerde opleiding en verdere toerusting van predikante sodat die gemeenskaplike doel van die evangeliediens ons motivering is? Daar is ‘n behoefte dat *bekwame ouderlinge* eerstens in die gemeente saam met die predikante met die evangelie regeer en oor mekaar toesig hou. Leiding aan die gemeentes afsonderlik en saam in die kerkverband vra kundigheid. Daarvoor is predikante dikwels beskikbaar en geskik. Predikante is nie loslopende indiwidue nie, hulle dien nie in ‘n buitengewone en bokerklike amp nie, maar leef en werk mee met die verband van kerke, en hulle het ook meelewing en meewerking vanuit die kerkverband nodig.
Waar kerkverband gemeenskap in een geloof is, kan ons nie volstaan met ‘n mooi organisasie nie, maar sal daar veral op die vlak van die klassis die gemeentes voorgelig en ingelig word om as kerklike gemeenskap wyses van samewerking en meelewing te vind. Waar die gemeenskaplike drang om die evangelie uit te dra, leef, sal predikante leiding gee, en ook daarteen waak om nie hulle bevoegdheid en taak te oorskry nie.

Wat adviseurs betref, ons is in ‘n soortgelyke situasie as die gereformeerde kerke in Nederland in die sestiende eeu: ons leef in ‘n missionêre situasie. Adviseurs is feitlik deur die bank sendelinge. Hulle moet die sendingkerke begelei om deel te wees en deel te word van ‘n kerklike gemeenskap waar die evangelie voorop staan. Die sendeling moet telkens vra of dit in belang van die sendinggemeente is dat hy ‘n meerdere vergadering bywoon. Alle vergaderings hoef nie bygewoon word nie. Aan die ander kant is daar ook geleentheid om goeie advies oor bepaalde sake te kan gee, en van diens te wees as deputaat vir die kerklike gemeenskap, ook as voorspraak vir die sendinggemeentes.

Dit maak in beginsel nie saak hoeveel predikante en hoeveel ouderlinge vir die klassisvergadering afgevaardig word nie; wat saak maak is of daar onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Here is.

Die saak van predikant en kerkverband behoort bepaal te word deur die antwoord wat gegee word op die evangelie in die situasie, uitgedruk in terme van *diens aan Christus in gesamentlike onderworpenheid aan Hom*.

Bewaar die Kerk wat nou nog stry,
en wil haar onder kruis verbly;
vertroos die neergeboë hart,
genees die krankes in hul smart.

O Vader, laat u liefd’ ons blyk;
O Seun, maak ons u beeld gelyk;
O Gees, send u vertroosting neer;
Drie-eenge God, U sy al d’eer!

Skrifberyming 50:6 en 7